

DIE MALABOCH OORLOG

(1894)

deur

NICOLAS CORNELIUS WEIDEMANN.

voorgelê as gedeeltelike nakoming

van die vereiste

vir die Graad van

M.A.

in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA.

DESEMBER 1944.

## 'N WOORD VOORAF.

Na die Maphoch-Oorlog van 1881-1882 was daar in die Suid-Afrikaanse Republiek vir 'n paar jaar 'n vreedsame verhouding tussen die naturelle-stamme en die Regering.

Hamate die Lokasie-Kommissie se rapporte deur die Regering aangeneem en uitgevoer is, het die kafferonluste toegeneem, totdat die Regering in 1894 die weerspannige naturellestamme in Soutpansberg die oorlog aangesê het.

In hierdie verhandeling, word die eerste deel van die oorlog behandel en wel die stryd teen Malsboch.

In die verlede het historici hulle toege-spits op die oorsake van en op die oorlog self. Ek het probeer om nie net die oorsake van die stryd en die verloop van die oorlog self te beskryf nie, maar ook wel die omstandighede waaronder die stryd gevoer is. Ek het veral probeer om die lewe op Kommando en die metode van oorlogvoering op die voorgrond te stel.

-----

## 'N WOORD VOORAF.

Na die Mpoeh-Oorlog van 1881-1882 was daar in die Suid-Afrikaanse Republiek vir 'n paar jaar 'n vreedsame verhouding tussen die natuurlike-stamme en die Regering.

Namste die Lokasie-Kommissie se rapporte deur die Regering aangenom en uitgevoer is, het die kafferonluste toegeneem, totdat die Regering in 1894 die weerspannige natuurlike-stamme in Soutpansberg die oorlog aangesê het.

In hierdie verhandeling, word die eerste deel van die oorlog behandel en wel die stryd teen Mataboch.

In die verlede het historici hulle toegespits op die oorsake van en op die oorlog self. Ek het probeer om nie net die oorsake van die stryd en die verloop van die oorlog self te beskryf nie, maar ook wel die omstandighede waaronder die stryd gevoer is. Ek het veral probeer om die lewe op Kommando en die metode van oorlogvoering op die voorgrond te stel.

-----

I N H O U D.

I. 'N WOORD VOORAF.

HOOFSTUK I	: DIE MALABOCH-STAN EN HULLE VERSKIT TREK WET EN ORDE.	
	Malaboeh weier om Vorster toe te laat om Sensus op te neem. Burgers word gekommandeer. Malaboeh versamel proviand.	1 .... 16
HOOFSTUK II	: DIE KOMMANDO TREK UIT - PRETORIA IN REP EN ROER.	
	Groot hofsaak.	
	Verskillende Kommando's bereik Blouberg die begin van Junie 1894	17 ... 38
HOOFSTUK III	: DIE BESTORMING VAN BLOUBERG.	
	Die verskillende leers vorm 'n ysterring om Blouberg.	
	Forte word gebou. Die ring word kleiner gekrimp.	
	Malaboeh se hoofstat omring.	39 ... 67
HOOFSTUK IV	: BELIG VAN DIE HOOFSTAT.	
	Malaboeh gee oor.	
	Poging aangewend om die grotte op te blass.	
	Krygsoperasies misluk.	
	Burgers ontevrede. Water af- gesny.	
	Malaboeh gee oor.	65 ... 90
HOOFSTUK V	: DIE EINDE VAN MALABOCH EN SY STAN.	
	Die Krygsraad veroordeel Malaboeh.	
	Malaboeh in die Staatsgevang- enis opgesluit. In 1900 los- gelaat. Malaboeh sterf 1939.	91 ... 96

LIS VAN GERAADPLEEGDE WERKE:

-----

DIE MALABOCH OORLOG  
(1894)

---

HOOFSTUK I.

DIE MALABOCH-STAM EN HULLE VERSET  
.....TEEN WET EN ORDE.....

Die Malaboch-stam (Maalabôxô) kom oorspronklik van Midde-Afrika, waarskynlik as 'n deel van die Bahurutsi<sup>1)</sup> wat hulle mettertyd gevestig het by die Maletberge in Bechuanaland. Hulle versafgod ook die bobbejaan (Tshoene) net soos die stam Bahurutsi.

Die eerste opperhoof van die Malaboch as 'n onafhanklike stam was Lebogo, wat sy volgelinge „BAGANAWA“ genoem het. Lebogo het die Maleta verlaat, met sy mense, en oor die Limpopo getrek tot by Blouberg,<sup>2)</sup> waar hy en sy volgelinge hulle gevestig het. Hier by Blouberg het Lebogo 'n klein stam, die MADEBANA, aangetref wat hy baie gou oormeester het.<sup>3)</sup>

Lebogo/.....

---

1. Short History of the Native Tribes of the Transvaal 1905. Native Affairs Commission Report. (Bahurutsi kom van die Noorde van Afrika af en het hulle kom vestig in Bechuanaland.)
2. Geleë aan die Westekant van die Zoutpansberge. Ongeveer 75 myl Noordwes van die teenwoordige Pietersburg. (Map of Scene of War in Zoutpansberg. Reduced from surveyor Devenish's inspection plan by Fred Jeppe.)
3. Short History of the Native Tribes of the Transvaal 1905 - (The Malaboch) .

Lebogo het 'n hele paar vrouens gehad. By die hoofvrou het hy slegs 'n dogter Pula-Boshego gehad, en by die tweede vrou slegs 'n seun genaamd Ramatho. Na Lebogo se dood het die stam Pula-Boshego gelas om te trou, sodat sy 'n opvolger van Lebogo in die wêreld kan bring. Pula-Boshego het aan die versoek voldoen en geboorte gegee aan twee seuns,<sup>4)</sup> Mathome en Tabo; maar sy het as regent opgetree solank Mathome nog minderjarig was. Toe die stam eindelijk Mathome as hoofkaptein uitroep, het Ramatho, Mathome se oom, ook aanspraak op die troon gemaak. As gevolg hiervan het daar 'n botsing gekom tussen Mathome en Ramatho, waarby Ramatho die onderspit gedelf het. Ramatho het hierna die blouberge verlaat en hom mettertyd aan die Oostelike kant van die Soutpansberge gevestig.<sup>5)</sup> Mathome het intussen nie stilgesit nie. Spoedig het hy van Mapela<sup>6)</sup> en Matlala<sup>7)</sup> bondgenote gemaak wat hom dan ook gehelp het om sy groot vyand Ramatho te vermoor. Baie van Ramatho se volgelinge het ook die lewe ingeskiet.

Maloko/.....

---

4) Ibid en De Volkstem 1 September 1894.

5) Ibid.

6) 'n Kafferksptein in Zoutpansberg.

7) Ibid.

Maloko,<sup>8)</sup> die seun van Ramatho, het met die res van sy vader se volgelinge verder langs die Zoutpansberge afgevlug en 'n aantal Boere gevra om hom te help om sy verlore regte te herwin. Hulle het hom ook gehelp maar hulle is teruggedryf deur Mathome. Maloko se seun Kiewiet,<sup>9)</sup> het na die dood van Mathome weer teruggetrek na die Oostelike deel van die Blouberge, alwaar hy en sy volgelinge getroue onderdane van die Suid-Afrikaanse Republiek geword het.<sup>10)</sup>

Mathome het twee seuns gehad, Gabush<sup>11)</sup> en Magore. Toe hy in 1880 oorlede is, het Gabush (meer bekend as Malaboeh,<sup>11x)</sup> hom opgevolg.

Verder/.....

---

8) Die seun van Ramatho.

9) Hy het hom met 'n deel van die Malaboeh-stam Noord van Blouberg gevestig.

10) Kommandant-Generaal se verslag aan die Uitvoerende Raad. 9 Mei 1894.

11) Short History of the Native Tribes in the Transvaal - 1905.

Native Affairs Commission Report 1903-5. Gabush is Malaboeh teen wie die oorlog in 1894 gevoer is.

11x) Prof. Wiid beweer in 'n Artikel in die Burger van 4 Februarie 1939, dat Malaboeh 'n Bakwena is. Dit is foutief. Die Bakwena is heeltemal 'n ander stam in Noord Transvaal. My persoonlike besoek aan Blouberg en die onderhoude met Gabush se ou Indoenas het aan die lig gebring dat met die tyd van die oorlog van 1894 die Malaboeh-stam 2.000 getel het. Die Malaboeh-stam en Mamatoela is 'n gedeelte van die BA-Narene-stam wat saam met Tietatsalu en Napan vanaf Bechuanaland na Transvaal gekom het.

Verder Oos, by Haenertsburg, was Magoeba en Noord van hom Magato. Ten Suide van Malsboch, naby die teenswoordige Pietersburg, was Maisiili en Mansu se statte.<sup>12)</sup> Die hele Zoutpansbergdistrik was dus vol natuurleestamme, almal binne die grense van die Suid-Afrikaanse Republiek.<sup>12a)</sup>

Reeds in 1876, het die Burgers-regering vasgelê dat vir elke bewoonde hut tien sjielings sterling per jaar betaal moes word en elke naturel bo 20 jaar moes ook tien sjielings betaal.<sup>13)</sup> Dit is vir die tweede keer in 1880 onder Britse bestuur (deur Owen Lanyon) vasgelê dat vir elke strooihut tien sjielings per jaar betaal moes word.<sup>14)</sup> Dit spreek vanself dat hierdie belastings nuwe moeilikhede voor die dag sou bring en derhalwe het die Regering 'n Lokasie-Kommissie aangestel,<sup>15)</sup> om elke naturelle stam in 'n sekere afgebakende lokasie te plaas.

Toe die Lokasie-Kommissie te Klipdam op 9 Februarie 1888<sup>16)</sup> sitting gehad het, het hulle besluit om by die Regering aan te beveel om vir Malsboch<sup>16a)</sup> ook 'n lokasie aan te wys.

Hulle/.....

12) S.N. 177 Locatie Commissie se rapport 1888

12a) S.N. 177 Ibid Art 102, 105 tot 114.

13) Locale Wette. Wet No. 3 van 1876.

14) Wet No. 6 van 1880 - Artikel 111 deur Owe Lanyon.

15) E.V.R. Volkerasiesbesluit 7 Julie 1888 - Artikel 924. Uitvoerende Raadsbesluit 187 van 1888.

16) S.N. 177 Locatie Commissie se Notule 9 Februarie 1888 - Artikel 103.

16a) S.N. 177 Die Locatie Commissie noem Malsboch hier Sakile © University of Pretoria



Hulle kon egter Malafoch self nie in die hande kry nie, maar sendeling Sontag, van die Berlynse Sendingsgenootskap, het verklaar dat Malafoch op bogenoemde genootskap se gronde bly, sowel as op private<sup>17</sup> en Regeringsgronde en dat daar ongeveer 650 huishoudinge was<sup>18</sup>. Die Kommissie het nie dadelik aan Malafoch en sy volk 'n lokasie aangewys nie, maar slegs aanbeveel dat aan hulle ook 'n lokasie moes aangewys word<sup>19</sup>.

Gedurende Desember 1891 het die Superintendent van Naturalle 'n sirkulêre gestuur aan alle Kommissarisse om 'n sensus te neem van alle hutte sodat vasgestel kan word watter bedrag elke Kaptein agterstallig was<sup>20</sup>.

Die Kommissarisse in die distrik Zoutpansberg se wêreld was met geen rose besaai om hierdie sensus op te neem nie, omrede die weerspanningheid van die naturelle. Kommandant Berend Vorster, van Kalkbank skryf op 3 Februarie 1892 aan die Kommandant-Generaal dat hy 'n onderhoud met Majakelala en Zakhanja twee indoenas van Majatji gehad het en hulle aangeraai het om gehoorsaam te wees. Elke kaffer waar hy ookal mag woon, is 'n kind en onderaan van die Regering en moet belastings betaal. As Majatji dit nie doen nie sal Piet Joubert self die hutte kom tel, maar as Majatji die belastings betaal, sal die Regering haar en haar volk beskerm, en ook groot genoeg grond gee vir al hulle vee<sup>21</sup>.

17. S.N. 177 - 9 Februarie 1888 - Artikel 103.

18. Ibid.

19. Ibid.

20. S.N.174 - 30 Desember 1891.

21. K.O.288 - Rapport van Kommandant Vorster aan die Kommandant-Generaal - 3 Februarie. 1894

Ten spyte van die vreedsame wyse waarop die Regering orde wou bring in Soutpansberg, het die toestand so erg geword dat daar botsings voorgekom het, waerby mense gewond is<sup>22</sup>. Majetji se volk het die gebroeders Dickie en Standberg, (boere in die Soutpansberg distrik) aangeval, Magoeba vir D. Smit ('n boer naby Haanertsburg) en Seleboel ('n keptein onder Majetji) vir Jan pieterse<sup>23</sup>. As gevolg hiervan skryf die Kommandant-Generaal op 22 Februarie 1894 aan die Regering en meld dat sake nie meer so kan aangaan in Soutpansberg nie en om die prestige van die Regering te handhaaf moet die naturelle dodelik na hulle lokasies trek, en indien hulle weier moet hy hulle met geweld daartoe dwing<sup>24</sup>.

Die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek het die erns van die toestand besef. Op las van die Regering stuur die Kommandant-Generaal op 1 Maart 1894 'n ultimatum aan Kapteins Seleboel, Magoeba, Mahoeng en Majetji om voor 1 April 1894 hulle bergvestings te verlaat en te gaan woon in die lokasies tussen die twee Leteba-riviere soos vir hulle aangewys deur Kommandant Henning Pretorius in 1893<sup>25</sup>.

- 
22. K.G. 288 - Brief van die Kommandant-Generaal aan die Regering - 1 Maart 1894.
23. Kommandant-Generaal se verslag oor die gevoerde oorlog. R.2004/95.
24. K.G.288 - Brief van die Kommandant-Generaal aan die Regering.
25. K.G.288 - Ultimatum van die Kommandant-Generaal Op 1 Maart 1894.

Die/....

Die Kommandant-Generaal was gedetermineerd om hierdie weerspannige natuurlike op hulle plek te sit. Die Ultimatum is behoorlik op elke Kaptein gedien en daar is verduidelik wat sou gebeur as hulle ongehoorsaam is<sup>26</sup>. Tog was die Regering baie toegewend, en het maar altyd probeer om op 'n vreedsame wyse moeilikhede uit die weg te ruim. So skryf die Kommandant-Generaal aan die Naturelle Kommissaris op 21 Maart 1894 dat as die naturelle dadelik na hulle onderskeie lokasies trek elke Kaptein 'n sental van sy volk kon laat agterbly om die landerye op te pas. Later met oestyd kan hulle dan met genoegsame volk terugkom om die graan te oes<sup>27</sup>. Seleboel en Magoeba het ingewillig om te trek naar Maboeps het geweer. Hy het aan veldkornet Alberts van Agata verklaar dat daar nog baie volk van Majatji in sy nuwe grondgebied woon en dat hulle hom wou skiet. Die vervaldag van die ultimatum was 1 April 1894 en op 9 April 1894 het nog geen enkele stam aanstalttes gemaak om te trek nie<sup>28</sup>.

- 
26. K.G.288 - Brief van Kommandant-Generaal aan Landroos te Pietersburg. Veldkornette moet gestuur word om Ultimatum te dien en te verduidelik.
27. S.N. 175 - Brief van die Kommandant-Generaal aan sy Kommissaris van Naturelle te Klipdam op 21 Maart 1894.
28. De Volksstem 24 April 1894 Maboeps se verklaring aan veldkornet Alberts van Agata naby die kraal van Mamstoela.

Op/.....

Op die 12de April 1894 het Kommandant Vorster 'n boodskap aan Malsboch gestuur, om sy bergvesting te verlaat en op die vlakte, Oos van die Magsalakwynrivier, te gaan woon. Malsboch het nie eers geantwoord nie, maar desreenteen sy volk beveel om nader aan die hoofstad te kom. Groot impi's van Majatji het by Malsboch aangesluit. Matlala, het tweehonderd kaffers na Vorster gestuur om hom by te staan. Mapen en Kiewiet het ook die kant van die Regering gekies<sup>29</sup>.

Malsboch het staatgemaak op die geografiese ligging van sy hoofstad en daarom wou hy nooit vir Vorster toelaat om die sensus te neem nie.

"I am here upon this mountain and shall not allow the census to be taken".

was die boodskap van Malsboch aan Berend Vorster<sup>30</sup>.

'n Algehele kafferopstand het gedreig in Soutpansberg en die Regering het van nooi-prest en uitstel genoeg gehad en op 12 April 1894 het hulle die Kommandant-Generaal beveel om wet en orde te bring in Soutpansberg<sup>31</sup>.

---

29 K.G. 287 - Telegram van Wilsaar (verslaggewer) aan "The Press" 12 April 1894.

30. Notes from my diary on the Boer Campaign 1894 - Colin Rae. - The real cause of the war. Voortaan sal na hierdie werk verwys word as Colin Rae. Bladwy XVII.

31. Verslag of algemene oorsig van die gevoerde oorlog deur die Kommandant-Generaal.

AS/....

As gevolg van Malsboch se woerspannigheid stuur die Kommandant-Generaal hom 'n Ultimatum dieselfde dag dat hy, Malsboch, moet kennis neem dat van tyd tot tyd klagte by die Regering ingekom het dat, nie-teenstaande Kommandant Barend Vorster alle moeite gedoen het en pogings aangewend het om die sensus op te neem, die hut- en ander belastings in te vorder, en die wette te handhaaf, hy daar nie in kon slaag nie, maar deur sy gedurige verset, weerstand en onwilligheid totnogtoe verhinder is om die wet en orde uit te voer, waardeur hy en sy volk nog altyd in gebreke gebly het om die verskuldigde belastings te betaal<sup>32</sup>.

.In die naam van die volk en die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek, roep ek u hierby vir die laaste keer ernstig op en waarsku ek u om onmiddellik gehoor te gee aan die oproep en wettige bevelo van die naturelle kommissaris Barend Vorster. U moet u binne drie dae na die ontvangs van hierdie waarskuwing by Kommissaris Vorster aanmeld op 'n plek deur hom aangewys, om daar aan hom die nodige en voldoende informasie te verskaf om 'n opgawe van u volk en hutte te maak, en om daar die bedrag wettig verskuldig deur u en u volk te betaal.<sup>33</sup>

---

32. S.S.1189, R.8813/94 - Ultimatum aan Malsboch.

33. Sien noot 34.

S.S. 1189. R. 8813/94. (C.R. 1417/94).

Ultimatum aan Malsboch.

Indien/.....

Gestuur op 12 April 1894 aan Kommandant Vorster om dit te dien op Malaboch.

Indien u en u volk nie gehoor gee aan hierdie laaste waarskuwing nie, sal julle verantwoordelik gebou word vir alle koste en skades of wat die gevolge ook mag wees<sup>34</sup>.

Die Ultimatum is op die 27ste April aan Malaboch persoonlik voorgelees, vertaal en verduidelik deur J. Moulder en N. van Rensburg, waarop Malaboch geantwoord het dat diegene van sy volk wat 'n bok of 'n sjieling kon afsteek, dit kon doen; maar die sensus van hutte is onnodig omdat daar slags in vuur gemaak word<sup>35</sup>.

Die kaffers het nou begin om die boere te molesteer. Barend Vorster is toe met 'n klein kommando na Malaboch om die sensus op te neem. Maar Malaboch se brutale houding het hom verhinder asook dat hy, Malaboch, die land self wou bestuur sonder inmenging van enige iemand, omdat die land aan hom behoort het<sup>36</sup>. Hierop beveel Kommandant Vorster Malaboch om geen koring te oes nie, omrede Malaboch van plan is om voedsel byeen te bring in sy bergvesting te Blouberg teneinde in staat te wees om die Regering te weerstaan<sup>37</sup>.

34. S.S.1189. R.8813/94 (C.R.1417/94) Ultimatum aan Malaboch. Gestuur op 12 April 1894 aan Kommandant Vorster om dit te dien op Malaboch.

35. S.S.1189. R.8813/94 (C.R.1417/94) Release op aflewering van Ultimatum - 27 April 1894.

36. De Volksstem 12 Mei 1894. E. Volksraedsnotule van 12 Mei 1894 - Artikel 62.

37. Ibid.

Die Kommandant-Generaal besluit om persoonlik na Pietersburg te gaan om 'n konferensie te hou met die veldkornette en Naturelle-Kommissarisse. Die dag na hy die antwoord op die ultimatum aan Malaboch ontvang het, het hy afgereis na Pietersburg en op 5 Mei 1894 is die konferensie gehou by Landros Munnik se kantoor. Kommissaris van der Merwe, Veldkornette du Preez, Alberts en M. van Oudshoorn en die Landros was teenwoordig<sup>38</sup>. Landros Munnik deel mee dat Malaboch weier om belastinge te betaal; Veldkornet du Preez voeg by dat dit treurig is om te sien hoe die blankes trotsier word en dat daar Kapteins is wat hulle belastinge wil betaal maar dit slag met Malaboch se toestemming mag doen. Die kaffers beskou die Ultimatum met minagting<sup>39</sup>.

Direk na die byeenkoms ontvang die Kommandant-Generaal 'n brief van Kommandant Vorster dat Malaboch al sy jong volk opgeroep het om die lande naas die berg te oes; maar dat 130 van Matlala se kaffers gelukkig daar is om die lande te beskerm; ongelukkig is hulle sonder ammunisie om hulleself te beskerm<sup>40a</sup>.

---

38. K.G.288 - Notule van byeenkoms by Landroskantoor. 5 Mei 1894.

39. Ibid.

40a. S.S.1189; R.8813/94 (C.R.1417/94) - Vorster se brief aan Piet Joubert - Kommandant-Generaal.

Vyftien witman is na die berg om te help, en sover hulle verneem maak Malaboeh hom klaar vir oorlog<sup>40a</sup>.

Piet Joubert skryf dieselfde dag aan Vorster dat hy nie heeltemal seker is wat die toedrag van sake is nie maar sê dat hy na Kalkbank sal kom indien dit vir hom, Vorster, onmoontlik is om na Pietersburg te kom<sup>41</sup>. Dit was vir Kommandant Vorster onmoontlik om Kalkbank te verlaat want 'n opstand het gedraig, daarom versoek hy die Kommandant-Generaal om self na Kalkbank te kom, daar Malaboeh sy oorlogsmasjien goed gereed maak. As Malaboeh, wat saamspan met Magato, nie ten onder gebring word nie, staan Kiewiet en Mapan in gevaar<sup>42</sup>.

Dit was genoeg vir Piet Joubert. Hy het besef dat die toestand ernstig was. Daarom beveel hy Veldkornet du Preez van Rhenosterpoort op 7 Mei om hom klaar te maak om, sodra 'n aanval kom met 25 of 50 gewapende burgers op te trek en Kommandant Vorster te help, omdat die toedrag van sake met betrekking tot die natuurlike te Blouberg sover gekom het dat die Regering handelend sal moet optree<sup>43</sup>.

---

40a. S.S.1189 - R.8813/94 (O.R. 1417/94) - Brief van Kommandant Barend Vorster aan Piet Joubert. 4 Mei 1894. Deur Joubert ontvang op 5 Mei 1894.

41. S.S. 1189 - R.8813/94 - Brief van die Kommandant-Generaal aan Vorster.

42. SS.1189 - R.8813/94 - O.R.1417/94 - Brief van Kommandant Vorster aan die Kommandant-Generaal op 6 Mei 1894.

43. S.S.1189 - R.8813/94 - Brief van Piet Joubert aan Veldkornet du Preez.

Malaboeh/...



Malsboch het geweer en daar bestaan nie meer so iets as sensus of belasting nie; daar bly net een ding oor naamlik om Malsboch uit sy bergvesting te verwyder. Aan Kommandant Vorster skryf Piet Jouberg op 7 Mei om Malsboch in kennis te stel om die bergvesting te verlaat en te gaan woon in 'n lokasie langs die Hagalekwynrivier. 'n Stuk grond van ongeveer 40,000 morge groot<sup>44</sup>.

'n Tweede Ultimatum word aan Malsboch gestuur op 7 Mei 1894 omdat die Regering begierig is om vrede te bewaar en dus ook lank gewag het om te sien of Malsboch die bevels van die Regering wou gehoorsaam, dan kon hulle bly woon in die berg. Maar Malsboch het steetgemaak op die strategiese posisie van die berg waardeur hy en sy volk die wette van die land kon trotseer, en die bevels van die Regering verag het<sup>45</sup>.

- 
44. S.S.1189. R.8813/94 - Brief van Kommandant-Generaal aan Vorster. 7 Mei 1894.

Die lokasie langs die Hagalekwynrivier het gestrek vanaf die suid-westelike grens van die pless Driekoppies langs die rivier af tot by die pless Goudmyl, en daervandaan oos tot by die oostelike grens van die Goewermentsgronde.

45. S.S.1189 - R.8813/94

Ultimatum gestuur aan Vorster om op Malsboch te dien. 7 Mei 1894.

„Daaron/....

„Daarom wordt gy hiermede gelast in naam van de Regering en volk dezen Republiek om binnen acht (8) dagen op het ontvangst hiervan de vestingen en bergen te verlaten en u ter woon te gaan vestigen op de Locatie gronden voor u en uw volk ter woning bestemd, daar waar reeds eenige van u volk woonen, nl. tussen de lynen en bakens van de Locatie. Met de meeste erns moet ek u waarschu aan dese laatste waarschuwing gehoor te geven<sup>46</sup>.

Barend Vorster aan die anderkant moet sorg dra dat geen provisie byeengebring word deur Mala-boch en sy volk nie. Die Kommandant-Generaal het dieselfde dag na Pretoria vertrek om die Burgermag in gereedheid te bring, en skryf aan Vorster dieselfde dag dat hy hoop om binne 14 dae terug te wees met die Artillerie om hom by te staan. Kommandant Vorster word gewaarsku om op sy hoede te wees vir verraad<sup>47</sup>.

Die Kommandant van Waterberg het instruksies ontvang om met tweehonderd gewapende burgers gereed te wees, asook met enige volk van Hans Masibi<sup>48</sup>.

- 
46. S.S.1189. R.8813/94. Ultimatum gestuur aan Vorster om te dien op Mala-boch.
47. S.S.1189 - R.8813/94. Brief van die Kommandant-Generaal aan Kommandant Vorster. 7 Mei 1894, vanaf Pietersburg, net voor sy vertrek na Pretoria om verslag te doen.
48. R.4823/94 (O.R.1417/94) - Rapport van die Kommandant-Generaal aan die Uitvoerende Raad. 9 Mei 1894.

Onderwyl/....

Onderwyl Piet Joubert besig was om rapport te lewer oor die 2592.15.6d. wat twee in-  
doenas van Magato aan hom oorhandig het as belas-  
tings<sup>49</sup>, ontvang hy 'n telegram van die Landdros  
te Pietersburg dat berig ontvang is dat Malaboeh  
se volk gewapend lande gees het. Enige blankes  
en dertig van Matlala se volk is gestuur om die on-  
gehoorsame volk van Malaboeh te vang maar slegs twee  
kon gevange geneem word. Op die terugkoms ontmoet  
Matlala se volk 'n kommando van Malaboeh wat op pad  
was na die hoofstat om onder die wapens te gaan.  
'n Botsing het gevolg waarby 'n paar natuurlike ge-  
wond is<sup>50</sup>. Hierop sê die Kommandant-Generaal  
dat hy dit nodig ag dat die Uitvoerende Raad die stuk-  
ke goed moet deurgaan en aan hom opdra om sake te  
reël in Soutpansberg om wet en ordo daar te stel,  
desnoods met geweld van wapens<sup>51</sup>.

Terwyl die Uitvoerende Raad op 9 Mei 1894  
die rapport van Piet Joubert deurgegaan het, het die  
Staatartillerie gereed gemaak om te vertrek.

---

49. R.4823/94. Ibid.

50. S.S.1189 - R.8813/94 - (C.R.1406/94)  
Telegram van die Landdros te Pieters-  
burg op 9 Mei 1894, aan Kommandant-  
generaal.

51. S.S.1189 -(R.8813/94 en R.4823/94  
(C.R. 1417/94)  
Verslag van Kommandant-Generaal aan die Uitvoerende  
Raad, 9 Mei 1894.

Buite/.....

Buite die kampvure het 'n agtal waens gestaan ge-  
laai met provisie. Binnekant was die kanonniere  
besig met die laai van granate, en kartetse.  
Vuurpyle en signale word gepak. Alles was in rep  
en roer. Die 1.8 cm.kanon, 2.6½ cm. kanonne en  
twee berg-kanonne word almal nagesien. Die Suid-  
Afrikaanse Republiek se oorlogsmasjien se eerste  
rad begin stadig beweeg - om later die hele oorlogs-  
masjien in werking te bring<sup>52</sup>.

Die hoofstad was in spanning en alle oë en  
ore was gerig op die Uitvoerende Raad. Wat sal  
hulle besluit na aanleiding van die Kommandant-  
Generaal se rapport wees? Sou dit werklik oorlog  
beteken as die Artillerie gereed maak<sup>53</sup>?

Onderwyl elke burger diep nagedink het oor  
wat mag gebeur, was kommandant Vorster met sy man-  
skappe en keffers alreeds in 'n staat van oorlog  
met Malaboeh, om wet en orde te handhaaf en die  
prestige van die Suid-Afrikaanse Republiek nie te  
laet daal nie<sup>54</sup>.


---

52. De Volksstem - 9 Mei 1894.

53. „The Press“ - 10 Mei 1894.

54. „The Zoutpansberg Review“ - 11 Mei 1894.

S.N. 175 - Brief van Kommandant Vorster  
aan die Kommissaris van Naturelle te  
Rhenosterpoort.



KAART MET DIE VERSKILLENDE KAFFERSTAMME  
VAN NOORD-TRANSVAAL, AANTOON

- ☐ vyandege kaffers
- ☐ GEROVE onderdanige Kafferstamme.

Bron:

1. Nageteken uit Colin Rae (Deventer se inspeksieplan.)
2. Ons Eerste Afrikaanse Skiedskrywer deur A.K. Bosh en P.J. Klopper. Bladsy 11.
3. Baie van die besonderhede is ingesluit na aanleiding van 'n persoonlike besoek aan Bloubaerg.

17/1

## HOOFSTUK II.

### DIE KOMMANDO TRAK UIT.

Uit alle oorde is inligting ontvang waaruit blyk dat die toestand met die naturelle in Soutpansberg van die aard was dat stappe moes geneem word<sup>1</sup>; daarom besluit die Uitvoerende Raad op 10 Mei 1894, nadat die rapport van die Kommandant-Generaal aangehoor is, om die Kommandant-Generaal op te dra ter uitvoering van gegewe orders, 'n kommando van burgers op te roep, soos hy mag nodig vind om die sake in Soutpansberg te reël<sup>2</sup>.

Geen tyd is verkwis nie. Dieselfde dag stuur die Kommandant-Generaal 'n sirkulêre aan alle Kommandante om aan hulle onderskeie veldkornette onmiddellik op te dra om nsaalyste te maak van alle dienspligtige burgers in alkeen se wyk. Daar mag geen onderskeid gemaak word nie en elke veldkornet moet onpartydig een kwart van sy burgers met osse en waens in gereedheid bring<sup>3</sup>.

- 
1. K.O. 208 - Telegram van die Landdroes van Pietersburg aan die Kommandant-Generaal 8 Mei 1894.
  2. R.4824/94 - U.R. 12. Artikel 269 - Uitvoerende Raadsbesluit op 10 Mei 1894,  
"den Kommandant Generaal op te dragen ter uitvoering van de gegeven orders een kommando van burgers op te doen roepen, zooals hy moge nodig en goedvinden om de zaken daar te regelen".
  3. S.S.1189. R.3813/94 - Sirkulêre aan alle Kommandante op 10 Mei 1894. (Pretoria, Waterberg, Soutpansberg, Rustenburg, Middelburg, Lydenburg en raelo distrikte).

\*n/.....

'n Aparte sirkulêre word aan alle veldkornette gestuur, om 'n lys te maak van alle gekommandeerde goedere soos waens, osse, perde, ens. en om die waarde daarvan te takseer asook 'n kwitansie uit te reik.<sup>4</sup> Kommandeer lyste word ingesluit by die sirkulêre<sup>5</sup>.

Die Pretoria-kommando, die stad, Blandsrivier-, Apiesrivier- en Krokodillrivierwye moet die oggend van 24 Mei 1894 by Wonderboomspoort bymekaar aansluit. Fotgietersrust is aangewys as die versamelplek van die Kommando's Pretoria, Waterberg en Middelburg<sup>6</sup>.

Op 12 Mei 1894 bekragtig die Volksraad eers die oorlogsverklaring nadat die Kommandant-Generaal hulle goed ingelig het oor die verloop van sake in Soutpansberg en waarom dit nodig geword het om 'n kommando van burgers op te roep. Die lewe en eiendomme van lojale naturelle moes beskerm word, omdat, wanneer gemerk word dat hulle hul verpligtinge nakom, hulle geplunder en geroof word deur Malaboch se volk. In die begin van 1894 is 'n hele kraal uitgemeor en die Regering is tot handhawing van sy eer verplig om hierdie behandeling van sy onderdane te wreek<sup>7</sup>.

- 
4. S.S.1189-B.0013/94 - sirkulêre aan alle veldkornette.
  5. S.S.1189 - B.0013/94 - Kommandeerlyste aan alle veldkornette.
  6. De Volksstem - 22 Mei 1894.
  7. S.V.A. 52 Motule van die Volksraad (~~opstel~~) - 12 Mei 1894.

De Volksstem - 16 Mei 1894.

Terwyl die Volkeraad geluister het na die Kommandant-Generaal was alies in rep en roer in die Artillerie-kamp. Tente word gevou en waens ge- laai om so spoedig moontlik te vertrek. Die labra- torium van die Gebroeders Delfos was hard besig met die maak van 'n sekere parafienlamp wat gebruik sou word in die veld (telegrafie - „Morse kode“)<sup>8</sup>.

In Soutpansberg het daar alreeds 'n botsing voorgekom waarby vier van Malaboch se kaffers ge- sneuwel het, daarom skryf Kommandant Vorster aan die Naturellekommissaris te Rhenoosterpoort om dadelik 1,000 diensbare kaffers van Malital op te roep om te kom help met die beskerming van die grean<sup>9</sup>. Be- rig is ook ontvang dat 'n groot impi van Magato by Malaboch aangesluit het<sup>10</sup>. Sake het dus 'n ernstige wending geneem. Orul is waens, osse, perde, seels en tooms gekommandeer<sup>11</sup>. Ook geld is gekomman- deer, en sommige gekommandeerde burgers het pleas- vervangers gevind teen 'n betaling van £50.0.0d.<sup>12a</sup> aan die pleasvervanger. Sommige angeles het egter geweier om aan die oproep gehoor te gee, en het aan- soek gedoen by die hof om onthef te word van die be- vel van die veldkornet om met die kommando noord- waarts te trek teen die weerspannige kaffers<sup>12a</sup>.

- 
8. De Volksstem - 16 Mei 1894.
9. S.N. 175 - Brief van Kommandant Vorster aan die Naturellekommissaris te Rhenoosterpoort - 12 Mei 1894.
10. "The Press" - 14 Mei 1894.
11. K.G.200 - Brief van F. Stiemens aan Grobler te Pietersburg. Telegram van Fuchs aan Schuter.
- 12a. Colin Rae - Bladly 2, en De Volksstem 20 Junie 1894.



Die saak het godien voor Hoofregter Kotzé, regters de Korte Amershoff en Dr. Jorissen op 18 Junie 1894. Die hoofregter aan die woord het verklaar dat dit 'n applikasie was om 'n sekere bevel NIBI absoluut te verklaar<sup>12</sup>.

Die applikante Reno, Maynard, Clarke, Steer en Ingle is opgekommandeer onder Wet No. 2 van 1883. Omdat hulle geweier het om aan die oproep gehoor te gee is hulle elkeen met £5 beboet<sup>13</sup>; maar hulle be-  
weer dat:-

„zy Britsche onderdanene kyn en noch bur-  
gers, noch onderdanen van desen staat“. Die  
regters het die applikasie van die hand gewys omdat  
die Kommandowet van 1883<sup>14</sup> neerlê dat alle „ingesetenen“,  
tussen 16 en 60 jaar verplig is om krygsdiens te  
doen<sup>15</sup> en dat

„alle immigrate, van waar ook, kyn vryge-  
steld van krygsdiens, gedurende de twee eersten jaren  
van hun verblyf in de Zuid-Afrikaanse Republiek“.  
Die applikante moes die volgende dag vertrek na die  
oorlogstoneel<sup>16</sup>.

- 
12. De Volksstem - 20 Junie 1894.  
De Express -19 Junie 1894.
13. Wet No. 2 van 1883 - Artikel 11.
14. Wet No. 2 van 1883 - Artikel 3, 4 en 6.
15. S.V.R. Volkswaadsnotule - Artikel 293  
27 Julie 1883.
16. De Volksstem - 20 Junie 1894.  
Hoofregter Kotze sê dat onder beëdigde  
verklaring bewys is dat die applikante  
smaal langer as 2 jaar in die staat is.

Aan/.....

Aan die Hoordekant van Blouberg het 'n patrollie onder Kommandant Vorster, op 15 Mei 1894 drie krale verros deur hulle te verhinder om hulle graan na die hoofstad te dra. Baie gewapende kaffers is gevang en ongeveer 700 beeste is buitgemaak. Kommandant Vorster het die Kapteins bymekaar geroep en hulle het verklaar dat hulle gehoorsaam wil wees aan die Regering maar Malaboeh se ordere is om hulle te verset. Nadat alle gevangenes belowe het dat hulle na Mapon se stad sal trek is hulle weer op vrye voet geplaas en die beeste en wapens is teruggegee<sup>17</sup>.

Onderwyl 'n sental maneskappe van Kommandant Vorster op 17 Mei weer op patrollie was, is op hulle gevuur deur Malaboeh se kaffers vanaf die berg, maar op bevel van Kommandant Vorster is die vuur nie beantwoord nie. Die burgers „are showing great Calmness and Moderation“.<sup>18</sup> Die volk van Matlala en Malitai wat Kommandant Vorster bygestaan het om te verhoed dat Malaboeh die lande laat oes, is op 19 Mei deur 'n oorweldigende mag van Malaboeh op die vlug gejaag waarby een lojale kaffer gewond is<sup>19</sup>.

Op die aangekondigde uur op 19 Mei 1894 het die Staatsartillerie hulle kamp verlaat, die eerste op die strafekspedisie teen Malaboeh.

---

17. „The Press“ - 21 Mei 1894.

18. „The Press“ - 21 Mei 1894.  
De Volksstem - 22 Mei 1894.

19. „The Press“ - 21 Mei 1894.  
De Volksstem - 22 Mei 1894.

Langsaam beweeg die oorlogsmasjien na Kerkplein  
gelei deur 'n musikorkes van vrywilliger infanterie.  
In die voorste ry was die here Malt Marais, Komman-  
dant van die vrywilliger infanterie, Ferreira,  
kommandant van die vrywilliger ruitery, en Beatty,  
offisier van lesgenoende. Luitenant Paff, 'n  
heliografis en instrukteur Kroon was onder die ge-  
leders<sup>20</sup>. Toe die krygsmanne met hulle ligge-  
kleurde helmte en stofgryse uniforms, waaroor die  
staal van gewere en swaarde in die sonlig flikker,  
gewieg deur die statige pas van die perde en die  
geskel van koper musiekinstrumente, hulle as 'n  
georganiseerde krag beweeg dwarsdeur die starrende  
digopsengepakte menigte, het dit soos 'n elektriese  
skok deur die menstem gegaan<sup>21</sup>.

Reeds in die vroeë more ure van 23 Mei  
1894 het baie gekommandeerde burgers van Pretoria  
hulle wapens ontvang voor die kantoor van die  
valdkornet<sup>21a</sup>.

- 
20. De Volksstem - 22 Mei 1894.  
„The Press” - 22 Mei 1894.  
De Express - 22 Mei 1894.
21. De Volksstem - 22 Mei 1894.
- 21a. Ibid.

Teen/.....

Teen die middag was almal op hulle perde voor die Raadsaal, gereed om te vertrek, met 'n vierkleur voor hulle, waar Kommandant-Generaal Piet Joubert hulle toegespreek het<sup>22</sup>. By Haenertsburg het Veldkornet Alberts reeds gewag met 200 man<sup>23</sup>.

Terwyl die Pretoria-leer by Wonderbooms- poort op die Apies, wyk Apiesrivier, wyk Alands- rivier en wyk Krokodillrivier gewag het, het Ds. Ackerman en die Kommandant-Generaal om 9.30 op 25 Mei op 'n „spider“ geklim en 'n kort diens is gehou. Na 'n paar kernagtige woorde oor Psalm 121 „de Heer sal uw beseren van alle kwaed“, het Ds. Ackerman afgesluit met „Kont treen wy dan goeddigd voort“<sup>24</sup>.

- 
22. K.G.268. Ongeveer 1,500 man altesame gekommandeer.

De Volkstem 22 Mei 1894 - nams van gekommandeertes wat wys dat talie Engelse gekommandeer was by. T. Norton, F. Mynhardt, L. Wolf, H.W. Ramsay, M. Preller, J. Gluckstein, C. Rice, en F. Neel, ens.

De Volkstem 26 Mei 1894

„Ar heerschte over het algemeen een lewendige toon, geheel in tegenstel- ling met al het geschreeuw en rumoer der kwaadstokers met hun legio van meetinge“.

23. „The Zoutpansberg Review“ - 21 Mei 1894.

24. De Volkstem 30 Mei 1894.

Die burgers van die afsonderlike wyke was op die bynaam gancem.

Ondor/....

Onder swaar reën het die Pretoria-Kommando na die diens vertrek tot by Waterval waar Kommandant Erasmus homby sy manne gevoeg het. Die oggend van 26 Mei het Bronkhorstspruit en Witwatersrand by die Pretoria-Kommando aangesluit en die trek van die dag was tot by Hammanskraal waar Marthinus Schutte gekies is tot laer-kommandant. Onderwyl Dokter Tobias en andere op brandwag uit was, was daar groot lawaai en pret in die laer. „Die beesvol-ry“ was veral die aantreklikheid<sup>25</sup>. Hier kry die Pretoria-laer die naam van Net-laer<sup>26</sup>.

Dr. Hader, wat deur die Regering aangestel is as mediese beampte om die kommando te vergesel, het sy hande vol gehad met die verkoue na die reën<sup>27</sup>. Die pikniek het weldra bedaar toe die sterwende van der Westhuizen na die laer gebring is<sup>28</sup>. Na sy oorskot ter aarde bestel is het die kommando getrek op 28 Mei tot by Piensersrivier.

25. De Volkstem - 30 Mei 1894.  
 Oorlewering deur M. Prinsloo 'n lid van die Elandsrivier-veldkornetskap.  
 Die telling was hier:-

Veldkornet Prinsloo (Elande) 50 man.  
 Veldkornet Glas (Bh.Spruit) 54 man.  
 Veldkornet A. Botha (Krok.) 60 man.  
 Veldkornet Uys (Apies) 60 man.

25. Baie drank is saamgebring.

27. De Volkstem - 30 Mei 1894.

28. De Volkstem - 30 Mei 1894.  
 De Volkstem - 6 Junie 1894.

Calin Rae - Notes from my diary on  
 the Boer Campaign - Bladwy 17.

Van der Westhuizen het selfmoord gepleeg.

By/....

By Buyskop het Piet Joubert die volgende dag by die Kommando verbygegaan want hy gaan die veldtog self lei<sup>29</sup>.

Hier ontvang die Kommando berig dat Kommandant Vorster se mense, onderwyl hulle besig was met Godsiliens sangeval is deur Malaboch se kaffers<sup>30</sup>. Tenspyte hiervan berig Kommandant Vorster dat een van Malaboch se sterkste Kapteins oorgeloopt het en gevra het om in die lokasie (langs die Nagalakwyn-rivier) te gaan woon<sup>31</sup>. Terselfdertyd het daar etlike botsings voorgekom waarby 'n paar van Malaboch se volk gesneuwel het<sup>32</sup>.

Op 31 Mei kom die Marico-burgers bynaam by Veldkornet Andries Joubert op Rietvlei, 6 myl wes van die teenwoordige Marico, en trek dieselfde dag onder Kommandant Botha na Rustenburg<sup>33</sup>.

- 
29. De Volksstem - 26 Mei 1894.  
Kommandant-Generaal se toespraak by Wonderboomsport na die diens. Hy gaan op 28 Mei vertrek vanaf Pretoria om die oorlog persoonlik te lei wat deur Kommandant Vorster begin is.
30. „The Zoutpansberg Review“ - 25 Mei 1894.
31. „The Zoutpansberg Review“ - 26 Mei 1894.  
K.G.288 - Brief van Vorster aan Landros.
32. Ibid.
33. De Volksstem - 13 Junie 1894.  
K.G. 286 - Brief van Kommandant Botha aan die Kommandant-Generaal.

Die/....

Die Nylstroom-burgers trek in twee seksies ten einde tyd te bespaar om eers by Schimmelpaarpan naby Blouberg bymekaar te kom<sup>34</sup>. Die Middellburgers trek reguit by Pietersburg verby na Blouberg<sup>35</sup>. Die Rustenburgers, 400 man sterk en 'n aantal kaf-fers, trek reguit deur die bosveld na Nylstroom<sup>36</sup>.

Op 31 Mei kom Kolonel Ferreira by die Pretoria-kommando. Hy was hoof van die berede mag. Al dadelik vind 'n hele aantal benoemings by die beredemag plaas. S.G. Eloff word Luitenant-adjutant; J Schröder word Luitenant, J. Malan word Sersant-majoor. F. Schenke word Sersant-kwartiermeester, J. Fuchs, trompetter en J. Ric en A. Hoffmann, sersante. Dr. Tobias word algemeen gekies tot skrywer en offisiële verslaggewer<sup>37</sup>. "er zyn nu byna niets anders dan ooffisiels en dese lopen rond met 't uiterlik van menschen van zeer groot gewicht". Die Administrasie van provisie het veel te wense oorgelaat. Die regering het slegs die Kommandant-Generaal gemagtig om sekere somme geld uit die oorlogsfonds te trek vir noodsaaklike gevalle<sup>38</sup>.

- 
34. De Volksstem 13 Junie 1894. K.G.285 - Brief van Piet Joubert aan Grobler van Nylstroom, 21 Mei 1894
35. K.G.285 - Brief van Kommandant Trichardt aan die Kommandant-Generaal.
36. K.G. 286 - Brief van Kommandant Malan aan die Kommandant-Generaal. De Volksstem - 26 Mei 1894.
37. Verslag van Dr. Tobias in de Volksstem 16 Junie 1894.
38. K.G. 289 - Brief van President Kruger aan die Kommandant-Generaal.

Die/.....

Die Regering voorsien slegs die mondbehoefte<sup>39</sup>.

By Naboomfontein is 'n baster deur twee burgers gevang toe hy wou wegloop met 'n paar perde en osse. Hierdie baster was 'n plaasvervanger, voorheen 'n gevangene te Johannesburg. Kolonel Ferreira het hom met 'n riem om die nek agter aan die wa vasgemaak<sup>40</sup>.

---

39. E.V.R.51. Volksraadsnotule  
21 Mei 1894. 'n Mosie was ingedien deur Maré en de Beer waarby aansoek gedoen is om die 1,500 burgers op Kommando te betaal. Die Volksraad was heftig daarteen gekant. President Kruger self het gesê dat daar niks is wat 'n staat so gou ten onder sal bring as om burgers op kommando te betaal nie. Vir die opening van die Delgoabaai-Spoorweg was £2,000 gestem en die mosie het gevra dat hierdie £2,000 kon aangewend word om die afhanklikes tuis te help. Maar die Regering was ook hierteen. Die mosie is eenpartig <sup>21/3</sup> van die hand gewys.

Die burgers moes nie net hulle eie geweer en vervoer hê nie maar ook mondbehoefte. Die staat het slegs gehelp met kos en ammunisie, afhanklikes was buite rekening gelê. Die Volksraadslede self was nie een op die oorlogstoneel nie behalwe Piet Joubert.

40. De Volksstem - 16 Junie 1894.  
K.G.288 - Brief van Kommandant Erasmus aan die Resident Frederiegter van Potgietersrust.

Colin Rae, Bladsy 2.

Baie persone wie opgeroep was het 'n plaasvervanger gekry vir £30 of £50.

Hierdie baster is deur een van die Hat-laer se gekommandeerdes gehuur as plaasvervanger. Maar hy was 'n persoon wie 'n tronkvoël was weens diefstal, ens. Colin Rae, Bladsy 29.

By Potgietersrust het hy 'n poging aangewend om 'n aantal osse te steel maar is betrap en oorgelewer aan die Oereg.

K.G.288 - Brief van Venter vanaf Kalkfontein aan die Kommandant-Generaal - 16 Junie 1894.



Die stemming onder die troepe was uitstekend. Die drankies was meestal goeie. Die dag van 4 Junie oornag hulle by Moordspuit, ongeveer 6 myl suid van Potgietersrust, en meer brandwagte word uitgesit<sup>41</sup>.

Op 5 Junie het die Rustenburg-kommando, 430 man en 300 lojale keffers uitgetrek uit Rustenburg om die Kommandant-Generaal te gaan bystaan. Kommandant Kalan was 'n bekwame leier van hierdie Kommando<sup>42</sup>. Baie van die burgers was nie gekommandeer nie maar het vrywillig aansoek gedoen om te gaan na Soutpansberg<sup>43</sup>.

Malsboch het nie gewag op Kommando's om te kom nie, maar het Kommandant Vorster lalik laat los opsa. Kort-kort word Vorster se patrollies verras deur Malsboch se skutters. Op 30 Mei was die verrassende aanval op 'n patrollie so kwaai dat die kommandant self met alle beskikbare manskappe moes jaag om versterking te gaan verleen. Die manne het 'n noue ontkoming gehad waarby twee burgers gewond is terwyl Malsboch na die slag twee perde met seels en toos gebuit het<sup>44</sup>.

- 41. De Volksstem - 9 Junie 1894.
- 42. De Volksstem - 9 Junie 1894.  
K.G.268 - Telegram van Kommandant Kalan aan Piet Joubert.
- 43. K.G.268 - Telegram van Complotier aan die Sekretaris van die Kommandant-Generaal - 28 Mei 1894.
- 44. De Volksstem - 6 Junie 1894.  
„The Press“ - 4 Junie 1894.  
K.G.266 - Brief van Kommandant Vorster aan die Landdroes te Pietersburg - 30 Mei 1894.

Die provisie-voorsiening het heelwat begin verbeter en waens het al om die paar dae Pretoria verlaat met voedsel, meel, sels, ens.<sup>45</sup>. Die landros van Pietersburg het soveel moontlik kosvoorrade opgekoop vir die Kommando, asook tien man gekommandeer om die Kommandant-Generaal as lyfwag op 1 Junie na Blouberg te vergesel<sup>46</sup>. Veldkornet van Oudtshoorn, wat ook markmeester was van Pietersburg, is ingesluit by hierdie kommandering<sup>47</sup>.

Kommandant Vorster het begin om meer drasties op te tree teenoor die volgelinge van Malaboch. Op 2 Junie stuur hy agt gewapende burgers om die krane van die kaffers af te brand. Hierdie burgers was bygestaan deur 'n hele sental lojale kaffers. 'n Rukkie later stuur die Kommandant nog vier burgers om die brandstigters te gaan help; maar deur die ruigheid van die berg kon hulle mekaar nie vind nie<sup>48</sup>. Die een seksie het toe maar besluit om te gaan rus (die 4 man). Toe die teken om terug te val kom, het slegs die eerste seksie dit gesien en dadelik die bevel uitgevoer.

- 
45. De Volksstem - 30 Mei 1894.  
K.O.200 - Telegram van Stiemens aan die Kommandant-Generaal.
46. „The Zoutpansberg Review“ - 1 Junie 1894.
47. Ibid.
48. „The Zoutpansberg Review“ - 4 Junie 1894.

Hierdie/.....

Hierdie wanorde was in die kraal van Malaboos se kaffers. Hulle storm die berg af en sit die terugvallende vyand agterna en kom onwetend op die vier man wat gerus het af. Kosëls het gereën op die vier manne. Piet Goosens kry 'n groot vleiswond maar deur die depparheid van sy drie kassiede kon hulle die laer bereik<sup>49</sup>.

Die Waterberg-kommando kom op 4 Junie op die oorlogsterrein en slaan kamp op aan die Hoorderkant van Blouberg<sup>50</sup>; terwyl Kommandant Vorster met sy eestig (60) man vier myl suid van die berg laer getrek het<sup>51</sup>. Die Kommandant-Generaal het die aand van 4 Junie die slagveld bereik en hom by Kommandant Vorster gevoeg. Die volgende oggend het die Staatsartillerie laer getrek ten suide van die berg naby Kommandant Vorster se kamp<sup>52</sup>.

Die Middelburg-Kommando onder Kommandant Trichardt wat reeds op 1 Junie opgeruk het, trek dag en nag en is reeds op die 5de Junie naby Haenertsburg<sup>53</sup>.

- 
49. Ibid.  
„The Press” - 4 Junie 1894.
50. „The Zoutpansberg Review”  
6 Junie 1894.  
The Press - 5 Junie 1894.
51. Ibid.
52. De Volksstem - 9 Junie 1894.
53. K.O.268 - Telegram van Stiemens aan Kommandant-Generaal na aanleiding van telegram ontvang van Kommandant Trichardt - 1 Junie 1894.

Hierdie/.....

Hierdie Kommando was voltallig, 415 man, van wie 255 berede was, met 75 waens<sup>54</sup>. Selfs lojale naturelle was gekommandeer; op 7 Junie word 200 van Matlala se volk opgeroep<sup>55</sup>, asook 200 van Malitsi sin<sup>56</sup>.

Veel besorgdheid is verwek toe berig is dat die Kommandant-Generaal ongesteld was<sup>57</sup>.

Alhoewel Halsboch berig aan die landdros van Pietersburg gestuur het dat hy hom nie aan Kommandant Vorster sal onderwerp nie, maar sal onderhandel en betaal sodra hy die Superintendent van Naturellesake kan spreek, het hy die vyandelikhede nie gestaak na die aankoms van die Kommandant-Generaal te Blouberg nie<sup>58</sup>.

54. K.G.288 - Brief van Landdros G. du Toit van Middelburg aan die Kommandant-Generaal op 3 Junie. 1894. Hy kon self nie kom nie maar sy woorde aan die Kommandant-Generaal is om Psalm 91 vers 5 te lees: - „Die Here sal jou sien soos 'n Gideon“.
55. De Volksstem - 16 Junie 1894.
56. K.G.288 - Brief van W. v.d. Merwe die Kommissaris van Naturelle aan die Superintendent van Naturelle - 5 Junie 1894.
57. De Volksstem - 9 Junie 1894.  
K.G.288 - Brief van Kommandant Erasmus aan die Kommandant-Generaal.
- Die Kommandant-Generaal was gebyt deur 'n baie giftige spinnekop. Kommandant Erasmus het hierop Dr. Mader gestuur om die Kommandant-Generaal te gaan verpleeg.
58. De Volksstem - 2 Junie 1894.

Die/.....

Die Kommandant-Generaal wie se gezondheid veel te wense oorgelees het, wou nie dadelik tot die aanval oorgaan nie, maar het gewag op die Kommando's. Die Kommandant-Generaal stuur daarom op 6 Junie slegs 30 burgers en 200 kaffers om die koring aan die voet van die berg te oes<sup>59</sup>.

Onderwyl die Pretoria-Kommando op 6 Junie 1894 te Biltongfontein is, ontvang Piet Joubert berig van die Staatssekretaris dat ook burgers van Ermelo en Lydenburg gekommandeer is<sup>60</sup>. Die Pretoria-kommando is baie opgehou deurdat die osse meer en swak was. Malaboeh se kaffers het die veld aan die brand gesteek om die Kommando se osse te laat beswyk<sup>61</sup>. Tibani loop, 6 uur te perd van die vyand af is eers op 8 Junie bereik<sup>62</sup>.

Die selfde dag verskyn Sechomo, 'n indoes van Malaboeh, vergesel van Eerwaarde Sontag, by die Kommandant-Generaal met £20 en 'n wit os wat Malaboeh aan die Superintendent van Naturelle gestuur het. Volgens Sechomo is dit al wat Malaboeh het, dit is vir alle agterstellige belastinge.

- 
59. „The Zoutpansberg Review“ - 8 Junie 1894.  
60. K.G. 288 - Brief van Dr. Leyds aan Kommandant-Generaal. Van Ermelo is 300 en Lydenburg 400 burgers gekommandeer.  
61. K.G. 288 - Brief van Kommandant Erasmus aan die Kommandant-Generaal.  
62. De Volkstem - 16 Junie 1894.

Malaboeh/.....

Malsboch wil nie oorlog maak nie, en hy is bang om af te kom van die berg af want die koring, hulle enigste kos, is deur Kommandant Vorster verbrand<sup>63</sup>. Hierop het Piet Joubert geantwoord dat die Regering alles gedoen het wat moontlik was om Malsboch tot gehoorsaamheid te bewoeg, maar daar was geen gehoorsaamheid nie. Die koring is deur Vorster verbrand nadat Malsboch geweier het om te luister. Verder verduidelik die Kommandant-Generaal dat indien Malsboch al sy volk die dag (8 Junie) van die berg afbring, vir hulle die lokasie aangevys sou word waar om te woon. Verder wou Piet Joubert van Sechomo weet waarom Malsboch se volk op die burgers skiet, want nissand wat nie opgeroep is nie mag wapens dra nie. Die Regering verkoop wapens aan naturelle maar slegs by die Regering se Magasyn, mits die naturelle gehoorsame onderdane is<sup>64</sup>.

Die Kommandant-Generaal het die £20 en wit os aan Sechomo teruggegee en gesê dat hulle drie dae tyd gegee word, d.w.s. tot die 11de Junie<sup>65</sup>. Hierdie wapenstilstand<sup>66</sup> het mooi ingepas by die algemene opinie dat Malsboch slegs tyd wou wen om sy magte te mobiliseer.

- 
63. K.G. 288 - Verslag van gesprek tussen Piet Joubert en Sechomo - 8 Junie 1894.
64. Ibid.
65. Ibid.
66. K.G. 288 - Brief van die Kommandant-Generaal aan die Kommandant van Waterberg en Kaptein Schiel, hoof van die Artillerie.

Al sy volk het dan ook hulle krale verlaat en na die hoofstad gegaan<sup>67</sup>.

Maandagoggend, die 11de Junie 1894 het aan-  
gebreek, maar van Malsboch en sy volk was niks ge-  
waar nie. Die Kommandant-Generaal wat nog bed-  
lënd was, het op die Kommando's gewag om op te daag  
en skryf aan Stiemens, sy sekretaris te Pretoria, dat  
kommunikasie baie moeilik is; die bosse is onbe-  
skryflik ruig en die kanonne sal feitlik niks help  
nie. Van die vyand is baie min te sien, maar elke  
skoot van hulle is dodelik<sup>68</sup>.

Die Pretoria-Kommando oornag op 9 Julie by  
die Matielarivier, ongeveer vyf uur te perd noordwes  
van Pietersburg, nadat hulle al die afgelope twee dae  
deur kafferkoringlande getrek het. Oral skyn dit of  
koms van die Kommando al ou nuus was onder die  
naturelle. Dr. Liknatzke, wat op koste van die firma  
Lewis en Marks gestuur is het hom op 10 Julie by die  
Pretoria-Kommando's gevoeg, sodat aan mediese hulp-  
dienste geen gebrek meer was nie, nadat Dr. Mader na  
die Kommandant-Generaal gestuur is om hom te verpleeg<sup>70</sup>.

67. Notes from my Diary on the Boer  
Campaign 1894 - by Colin Rae -  
Bladsy 53.

68. K.G.288 - Brief van Piet Joubert  
aan Stiemens - 11 Junie 1894.

69. De Volksstem - 16 Junie 1894.

70. De Volksstem - 16 Junie 1894 en  
„The Press“ - 15 Junie 1894.

Die/.....

Die middag van 12 Junie om 2 uur bereik die Pretoria-Kommando Blouberg <sup>71</sup> en trek leer aan die suidkant van die berg en almal was begierig om met die vyand slaags te raak <sup>72</sup>. Alle burgers van die Pretoria-Kommando het alreeds die Malaboeh oorlogslied wat deur Dr. Tobiss gekomponeer is geken en uit volle bore het hulle gesing op die voorsand van die stryd <sup>73</sup>.

.Ons gaat ten oorlog.

MALABOEH! MALABOEH! <sup>74</sup> ons.

71. Verslag of algemeen overzicht van den gevoerden kryg van den Commandant-Generaal - Bladsy 2.

72. De Volksstem 16 Junie, 1894.

73. Colin Rae - Bladsy 55.  
 De Volksstem 16 Junie 1894.  
 Die Kommandant-Generaal was nog in die bed toe die Pretoriase Kommando op die 12de Junie <sup>1894</sup> gearriveer het. Die Hollandse Kerke het geen Predikant as veldprediker gestuur nie maar die Biskop van Pretoria het vir Colin Rae, 'n rou Engelsman wat byns geen woord Afrikaans kon praat, saangestuur. By die aankoms te Blouberg het hy dadelik die Kommandant-Generaal besoek en is voorgestel deur mnr. Keiser, Sekretaris van die Kommandant-Generaal.

"His Honour asked me if I could speak Dutch, and on my replying in the negative, he conversed with me freely in English".

74. Colin Rae - Bladsy 37.  
 De Volksstem - Mei 1894.

.Ons gaat ten oorlog,  
 Malaboeh! Malaboeh!  
 Ons gaat jou haal  
 Je moet op-betaal,  
 Ons zal jou skiet  
 op Commando van oom Piet.

Koor:

En Zoo lang als de lepel  
 in de peppot staat,  
 Treuren wy nog niet,  
 Klagen wy noch niet;  
 En zoo lang als de lepel  
 in de peppot staat,  
 Treuren wy nog niet.



2.        Hou jou kleser,  
          Malsboch! Malsboch!  
          Ons heb 't swaar  
          Dat is waarechtig waar  
          Ons kryg jou toch  
          Jou vervloekste Malsboch.
  
3.        God die alles weet  
          Malsboch! Malsboch!  
          Zorg voor vrou en kind  
          Broeders, zusters en vriend  
          Liefjes die ons laat  
          Kan niet scholen hoe't gaat.
  
4.        Ons Kornel Ferreira,  
          Malsboch! Malsboch!  
          Komst met syn perden  
          om jou te keeren  
          Ons gaat te voet  
          En alast jou op jou snoet.
  
5.        Ons Reverend Colin Bae,  
          Malsboch! Malsboch!  
          Met hom is ons te vry  
          Hy gaat overal mee  
          Waar blyft die predikant  
          Van ons dierbaar Vaderland.
  
6.        Ons Commandant-Generaal  
          Malsboch! Malsboch!  
          Hou niet van die geschiet  
          Neuk maar met die dynamiet  
          Hy heeft jou amper gefop  
          Met die klippers op jou kop.
  
7.        Neen, zeg Commandant Malan,  
          Malsboch! Malsboch!  
          Ons het een ander plan  
          Wat jou nie vatte kan  
          Kan je dit nie sien  
          Ons moet rook met parafien.
  
8.        Hy was ten oorlog,  
          Malsboch! Malsboch!  
          Ons't jou ghesal  
          Je't op betaal  
          Ons't jou geschiet  
          Op Commando van Oom Piet.

(Hierdie Malsboch oorlogslied is baie gesing deur die burgers op Kommando; en alle burgers het dit ook aangeleer. Die koor van die lied word vandag nog as koor by baie Afrikaanse liedjies gebruik).

Kommandant/...

Kommandant Trichardt met sy Middelburgers was op 12 Junie alreeds naby Pietersburg en Kommandant Malan met die Rustenburgers naby Potgietersrust. By Blouberg was Kommandant Vorster met sy Zoutpansbergse veterane, die Waterbergers onder Kommandant Botha en die Pretoria-Kommando onder Kommandant rasmus met die Artillerie onder Kaptein Schiel en 'n paar honderd lojale kaffers<sup>75</sup>. Vleis was volop maar meel, koffie, suiker ens. was skaars, daarom telegrafeer die Kommandant-Generaal aan die Regering om dadelik genoemde voorrade aan te stuur.<sup>76</sup>

Matlala se 400 indoes was gekommandeer is, kom die middag van 12 Junie by die Kommandant-Generaal aan. Hulle was eers „geseën“ deur Matlala<sup>77</sup>.

75. K.G.288 - Briewe van Kommandante aan die Kommandant-Generaal.
76. K.G.288 - Kopie van telegram van Piet Joubert aan Stiemens - 12 Junie 1894, K.G.293 - Dagboek van Pretoria-Kommando - 12 Junie 1894.
77. De Volksstem 20 Junie 1894. Dit was eienaardig hoedat hierdie kaffers goed ingeblaas is om die eer van hulle stam hoog te hou. Die oudste en mees ervare kafferdokter was deur Matlala aangesê om die seremonie te lei, en die toebereidsels te maak en toormiddels te berei. Die 400 indoes het die vorm van 'n halwemaan ingeneem, in twaalf rye rondom 'n groot vuur, waarop 'n groot pot, gevul met allerhande bossies en kruis, gestaan het. Nadat die bossies tot as verbrand was, het elke indoes sy voorvinger in water gedoop en toe in die as gedruk en 'n streep oor die voorkop getrek. In 'n ander pot was ook 'n soort as berei waarin die punte van die gewere en asgale gedoop is. (Die meeste was met gewere gewapen). Hierna het almal gekniel, elkeen met sy wapen voor hom en deur die dokter met gesprinkel met die kruisep.

(Almal/....

Dit was reeds al meer as twee dae oor die tyd wat die Kommandant-Generaal aan Malaboch toegestaan het om sy bergvesting te verlaat. Malaboch het staatgemaak op die geografiese ligging van sy hoofstad en tyd gewen om sy volk op te roep<sup>78</sup>.

---

77. Vervolg:-

(Almal was nakend). Hierna het Matlala op 'n stoep geklim en gesê dat die Regering, van wie hulle kinders is, gevra het om hulle te stuur; hulle moet gehoorsaam wees en gaan en hulle goed van hulle taak kwyf en terugkom met roem belyd.

Sellsokop, 'n winkelier wat 'n ooggetuie was, as verteenwoordiger van die witmens, het hierdie soëning vertel.

78. K.G.288 - Verslag van gesprek tussen die Kommandant-Generaal en Sachomo.

Verslag of algemeen overzicht van den gevoerden kryg van den Commandant-Generaal - Blaisy 3.

Hoofstuk 3/.....

### HOOFSTUK III.

#### DIË BESTORNING VAN BLOUBERG.

Onderwyl Kommandant-Generaal Piet Joubert se Kommando's die ring om Blouberg begin vorm het, het Matsboch van 'n gaping wes van die Waterberglaer gebruik gemaak en die meeste van sy vee weggestuur om oor die Limpopo te trek<sup>1</sup>. Hierdie informasie het die hoof-laer baie gou bereik deur twee van Matlala se volk wat weens spioenasie gevang is. Die Kommandant-Generaal stuur toe onmiddellik 53 man, waarvan 30 Artilleriste was om die vee voor te keer<sup>2</sup>.

Op 12 Junie 1894 reuk Kommandant Vorster weer slaags met die vyand, waarby sewe van die vyand gesnouel het<sup>3</sup>. Maar weens die skaarsheid van krygsvoorrade was die burgers genoodsaak om versigtig te wees. Die toestand het spoedig verbeter toe die Kommandant-Generaal 'n telegram van die Regering ontvang het dat 222,000 Martini Henry patrone en 770 Martini Henry gewere aangestuur is<sup>4</sup>.

- 
1. "The Press" - 13 Junie 1894.  
"Dispatch from the Commandant General".
  2. "The Press" - 13 Junie 1894.
  3. Ibid.
  4. K.O. 286 - Telegram van Stiemens aan die Kommandant-Generaal - 12 Junie 1894.

Met die aankoms van die Middelburgers dieselfde aand<sup>25</sup> was die ring om Blouberg feitlik kompleet, Rustenburg en Marico Kommando's wat reeds op was was, was al wat nog ontbreek het. Die posisie van die laers was nou soos 'n ring rondom blouberg<sup>26</sup>.

Sondag, die sewantiende Junie is daar nie gewerk nie, maar 'n algemene stilte het in die kampe geheers<sup>27</sup>. Onder 'n groot boom is 'n diens gehou wat deur die Kommandant-Generaal self geleid was. Colin Rae, die Engelse Predikant, het die aand die diens waargeneem<sup>28</sup>.

Malsboch vra om twee dae uitstel<sup>28a</sup>.

25. K.G. 293 - Dagboek van die Pretoria-Kommando. 16 Junie 1894.

26. De Volksstem - 27 Junie 1894.

Waterberg aan die noordkant van die berg. Pretoria suidwes van die berg; Soutpansberg suid, die Artillerie suid-oes, Middelburg oos. Metlale se volk was behulpzaam by die Kommando's terwyl Kiewiet noord-oes ongeveer het en Hapan met sy volk die noord-westelike deel beheer het. (Marico Kommando sal oppereer vanaf die westekant van die berg en Rustenburg aan die noordkant langs die Waterbergers.)

27. K.G. 285 - Kommandant-Generaal se verslag of algemene oorsig oor die gevoerde oorlog (klad).

28. K.G. 293 - Dagboek van die Pretoria-Kommando. Colin Rae - Bladsy 72.

28a. K.G. 293. Dagboek van die Pretoria-Kommando, 17 Junie 1894.

'n/...

Dieselfde middag ry Kolonel Ferreira met sowat honderd burgers na die berg. Skaars was 'n paar butte aan die brand gesteeke of die vyand, wat in die digte bosse was, begin skiet op die patrollie. 'n Dertigtal van die vyand het probeer om die burgers van die laer af te sny, maar hierdie poging het egter misluk<sup>8</sup>. Kolonel Ferreira en veertig burgers het 'n stelling ingeneem onder die berg naby 'n potatelland en 'n fort gebou. Veldkornet Grobler se manskappe neem die fort oor en plaas een van die bergkanonne in die fort<sup>9</sup>.

Dieselfde aand beraadslaag die Kommandant-Generaal met alle aanwesige offisiere en beraam 'n plan vir die aanval teen die vyand. Die Artillerie moes 'n koppie in besit neem, waarvandaan die stellings van die vyand die swye moes opgelê word. Hierdie plan is die volgende oggend, 14 Junie, onder die persoonlike aanvoering van veldkornet Ferreira met sukses uitgevoer. 'n Bergkanon is ook op hierdie koppie geplaas<sup>10</sup>, Luitenant Paff, die heliografis het sommer dedelik die heliografie in werking gebring sodat berigte oor en weer kon gestuur word<sup>11</sup>.

- 
8. Colin Rae - Bladly 56. Austin Brook van die infanterie se verslag.
  9. K.G.288 - Brief van Veldkornet Grobler aan die Kommandant-Generaal - 13 Junie 1894. De Volksstem - 20 Junie 1894.
  10. K.G.293. Dagboek van die Pretoria-Kommando. 13 en 15 Junie 1894.
  11. K.G.- 288. Telegram van Stiemens aan die Kommandant-Generaal. De Volksstem 20 Junie 1894.

Kommandant/.....

Kommandant Brasrus met loff, Malan en 200 burgers trek op 14 Junie uit die kamp met die doel om 'n fort op die suidelike punt van die berg te bou. Ook hierdie krygsoperasie is met sukses uitgevoer<sup>12</sup>. Die berg word nou van vier kante beskiet en terselfdertyd met die bou van die fort is twee krake van Malaboch se onderdane aan brand gesteek deur Kommandant Brasrus, Luitenant Brasrus en Kolonel Ferreira. Aan die noordelike kant van die berg is Kaptein Schiel by die Waterbergers vanwaar berig ontvang is dat nog geen ongevalle voorgekom het nie<sup>13</sup>.

Die middag om vieruur kom Kommandant Henning Pretorius, wie met sy manakappe agter Malaboch se vee aangestuur is, terug met een van Malaboch se onder-kapteins en 40 krygsgevangenes saam 1,000 beeste van die vyand<sup>14</sup>.

Dit was die aanvalplan van die Kommandant-Generaal om die berg fortgewys in te neem. Hierdie forte word in 'n ring gebou om die berg en die ring nouer getrek deur nuwe forte te bou op die vooruitgeskuifde posisies<sup>15</sup>.

---

12. De Volksstem - 20 Junie 1894.

13. De Volksstem - 20 Junie 1894.

14. K.G. - 293 - Dagboek van die Pretorie-kommando, 15 Junie 1894.  
De Volksstem - 20 Junie 1894.

15. De Volksstem - 20 Junie 1894.

Hierdie/....

Hierdie taktiek is reeds by 'n vorige oorlog teen die kaffers gebruik<sup>16</sup>.

Die oggend van 15 Junie 1894 is die Pretoria-leer verskuif tot aan die voet van die berg waar die potatfort is<sup>17</sup>. Gedurende die dag is 'n algemene aanval teen Malsboch se volk onderneem, waarby 'n hele aantal kraie aan die voet van die vyand skongevoe is en die meeste van die kraie aan die brand gesteek is. Die Pretoria burgers het die vyand 'n omdie teen die berg-uit agtervolg en 'n fort teen die hang van die berg gebou onder die aanvoering van Kolonaal Ferreira<sup>18</sup>. Veertig man van Pretoria en Soutpansberg is agtergelaat om die fort te behou<sup>19</sup>.

- 
16. Kamper in die stryd om die „Bapedi-troon“ deur H.P. van Coller.

Gedurende hierdie oorlog in 1882-83 is ook gebruik gemaak van forte. Later van 'n ysterfort wat altyd vooruit geskuif is na Kamper se vesting. Maar Blouberg was nie geografies geskik vir die ysterfortmetode nie.

17. De Volksstem - 20 Junie 1894.  
18. K.G. 293 - Dagboek van die Pretoria-kommando - 15 Junie 1894.  
19. Colin Ree - Bladcy 59.

Saterdagoggend/.....



Saterdagoggend, die 16de Junie, arriveer die eerste poskar vanaf Pietersburg by die hooflaer. Daar was briewe vir feitlik elke burger. F. Smit wat deur die posmeester van Pietersburg aangestel is as posagent vir die Kommando het sy hande volgehad. Onder andere was daar 'n brief van Mevr. Joubert aan die Kommandant-Generaal waarin sy meedeel dat sy die Kommando's kon besoek by Blouberg<sup>20</sup>. Die Firma T.W.Beckett & Cie.,<sup>21</sup> skryf aan die Kommandant-Generaal dat hulle instruksies aan Kelly & Cie., van Pietersburg gegee het om 'n vrag lewensbehoeftes na Blouberg te stuur teen die laagste groothandelspryse<sup>22</sup>. Die meeste van die burgers was reeds sonder skoene en van alle veldkornette ontvang die Kommandant-Generaal berig dat daar groot gebrek aan skoene en klere begin ontstaan<sup>23</sup>.

Laat die agtermiddag rapporteer die voorsman van Matlala se volk aan die Kommandant-Generaal dat hy die goveg tussen sy volk en Malaboch s'n die oggend, veertien van Malaboch se kaffers gedood is en nage maide gevange geneem is<sup>24</sup>.

- 
20. K.O.293 - Dagboek van die Pretoria-Kommando - 16 Junie 1894.
  21. 'n Bekende Pretoriase firma.
  22. K.O.288 - Brief van T.W. Beckett aan die Kommandant-Generaal.
  23. Colin Rae - Bladsy 60.
  24. K.O. 293 - Dagboek van die Pretoria-Kommando. 16 Junie 1894.

Mat/.....

Met die aankoms van die Middelburgers dieselfde aand<sup>25</sup> was die ring om Blouberg feitlik kompleet, Rustenburg en Marico Kommando's wat reeds op was was, was al wat nog ontbreek het. Die posisie van die laers was nou soos 'n ring rondom blouberg<sup>26</sup>.

Sondag, die sewentiende Junie is daar nie gewerk nie, maar 'n algemene stilte het in die kampe geheers<sup>27</sup>. Onder 'n groot boom is 'n diens gehou wat deur die Kommandant-Generaal self geleid was. Colin Rae, die Engelse Predikant, het die aand die diens waargeneem<sup>28</sup>.

Malsboch vra om twee dae uitstel<sup>28a</sup>.

25. K.G. 293 - Dagboek van die Pretoria-Kommando. 16 Junie 1894.

26. De Volksstem - 27 Junie 1894.

Waterberg aan die noordekant van die berg. Pretoria suidwes van die berg; Soutpansberg suid, die Artillerie suid-oo, Middelburg oos. Metlale se volk was behulpzaam by die Kommando's terwyl Kiewiet noord-oo ongeveer het en Hapan met sy volk die noord-weslike deel beheer het. (Marico Kommando sal oppereer vanaf die westekant van die berg en Rustenburg aan die noordekant langs die Waterbergers.)

27. K.G. 285 - Kommandant-Generaal se verslag of algemene oorsig oor die gevoerde oorlog. (klad).

28. K.G. 293 - Dagboek van die Pretoria-Kommando. Colin Rae - Bladsy 72.

28a. K.G. 293. Dagboek van die Pretoria-Kommando, 17 Junie 1894.

'n/...

'n Rukkie voor sonder het 22 burgers op patrollie-  
diens uitgery en op 'n stat van ongeveer veertig  
hutte afgekóm. Die hutte was tussen die rots-  
gebou sodat hulle feitlik onsigbaar vir die burgers  
was. Die vyand het reeds die stat verlaat toe die  
patrollie daar aankóm. Binne 'n kort tydjie was  
alle hutte aan die brand gestee en die burgers het  
hulleself besig gebou met die vang van die hoenders.  
Ongelukkig was die doringbasse te ruig en kon slegs  
'n paar hoenders leer-toe geneem word<sup>29</sup>.

Maandagoggend, die 18de Junie roep die  
Kommandant-Generaal alle offisiere bymekaar en  
benoem die volgende persone tot lede van die krygs-  
raad:-

Kommandante Vorster van Soutpansberg, Grobler  
van Waterberg, Erasmus van Pretoria, Trichardt van  
Hiddelburg, Malan van Rustenburg en Botha van  
Marico<sup>30</sup>. Veldkornette J. van Rensburg, P. van  
Rensburg, P. Uys, M. Lombaard en burgers S. Venter,  
J. Moulder, J. A. Joubert, M. Snyman en J. Golden-  
hays<sup>31</sup>.

Om elfuur open die Kommandant-Generaal die  
eerste Krygsraadvergadering met gebed. Die eerste  
punt aan die orde was die bekragtiging van die  
Kommando Wet (Wet No. 2 van 1883).

---

29. De Volksstem - 27 Junie 1894.

30. Kommandante Malan van Rustenburg en Botha  
van Marico was nog nie op die oorlogs-  
toneel nie, maar kom eers Vrydag die  
22ste Junie<sup>1894</sup> aan.

31. K.G. 286 - Die Kommandant-Generaal benoem  
seker persone tot lede van die Krygsraad.

K.G. 287 - Notule van die Krygsraad.

Hierna was Kommandant Pretorius aan die woord en deel mee dat van Malaboch se indoenas die vorige dag by hom was en om twee dae uitstel gevra het. Die twee dae word deur die krygsraad toegestaan en 'n wapenstilstand afgekondig<sup>32</sup>. Die Kommandant-Generaal verwittig die krygsraaddat hy 'n brief van die Staatssekretaris ontvang het, en na aanleiding hiervan vir Dr. Tobias, die advokaat, aangestel het as vervolger<sup>33</sup>.

Nedat Talawatski, die onderkaptein van Malaboch, die klagte wat teen hom opgestel is deur Dr. Tobias aangehoor het, het die krygsraad hom veroordeel tot staatsgevangens weens verraad en rebellie deur die wegsteek en in besithou van Malaboch se beeste<sup>34</sup>. Hierna besluit die krygsraad dat indien Malaboch die sand van 19 Junie nog nie van die berg afgekrom het nie, om een kanon aan Napen te stuur en om met soveel burgers as moontlik om die berg te ry om dit van die anderkant te besien en dan vas te stel op hoedanige wyse daar te werk gegaan moet word om Malaboch tot oorgawe te dwing<sup>35</sup>.

---

32. K.G. 287 - Krygsraadsnotule - 18 Junie 1894.

33. K.G. 288 - Brief van Dr. Leyds aan Piet Joubert - 11 Junie 1894.

Die Staatsprokureur het die Regering se aandag daarop gevestig dat prosekusie ook by 'n krygsraad verteenwoordig moet wees. „Maakt gebruik van Adv. Tobias”.

34. K.G. 287 - Krygsraadsnotule - 18 Junie 1894.  
De Volkstem - 22 Junie 1894.

Talawatski was die onderkaptein wat Malaboch se beeste weggevoer het maar deur Kommandant Henning Pretorius gevange geneem is.

35. K.G. 287 - Krygsraadsnotule - 18 Junie 1894.

Dieselfde/.....

Dieselfde dag skryf die Kommandant-Generaal aan Nagato dat hy inligting ontvang het dat 'n groot aantal gewapende volk na sy (Nagato se) lokasie gekom het. Dit is verbode, omdat dit smokkelary is en dit is seker dat baie van die wapens ook hulle weg vind na die rebel Malaboch en derhalwe sou enige iemand, wat nie tot die krygsdiens opgeroep is nie, met geweld ontwapen word<sup>36</sup>.

Die administrasie van die Kommissarisat was uiters swak en Piet Joubert het sy hande vol gehad met al die klagtes. Die meeste van die burgers se hende en broeke was geskeur, baie het begin kaalvoet loop, maar sake het 'n hoogtepunt bereik toe die vleisvoorrade in die Pretoria-lae gebrekkig geword het. Gelukkig stuur die Kommandant-Generaal 80 vet osse aan Kommandant Erasmus om die goedere weer normaal te kry<sup>37</sup>.

- 
- 36. K.G. 288 - Brief van die Kommandant-Generaal aan Nagato, naby teenwoordige Louis Trichardt.
  - 37. K.G. 288 - Kommandante Erasmus en Grobler aan die Kommandant-Generaal - 19 Junie 1894.
  - 38. K.G. 288 - Ruwe Sketskaart.


Kaart deur Fred Jeppe afgeteken van  
Landmeter Devenish se inspeksieplan 1894.

Die posisie van die verskillende Kommando's  
is ingevul na aanleiding van De Volksstem  
(20 Junie 1894) en latere berigte uit K.G. 288.  
(17 Junie 1894)

Die/....

50a.

Posisie van sekere Kommando's op  
27 Junie 1894



☒ HooftSTAT

X WATERBERG Kanon.

P. PRETORIA Kommando.

O RUSTENBURG Kommando.

M. Middelburg Kommando

A ARTILLERIE

BRON

Geskets volgens K.G. 288  
Verslae en Rapport van  
Kommandante TRICHARDT.  
Matan, ERASMUS en PRÛTORIUS

Die son het onderggaan die middag van 19 Junie en geen enkele indoena van Malaboeh het sy verskyning gemaak nie<sup>39</sup>. Malaboeh het dus alweer tyd gewen om hom voor te berei en dit was ook algemeen aangeneem deur die burgers dat die vyand sy stellings beter verskans het<sup>40</sup>.

Vroeg die oggend van 20 Junie trek alle manskappe uit, elkeen het ten minste 60 patrone, en skaars was die burgers teen die berg uit of die vyand begin met heilige vuur die stryd aanknoop. Gelukkig was die berg so ruig dat ten spyte van die heilige vuur 'n nuwe fort op die steenkoppie gebou kon word<sup>41</sup>. Die geveg aan die suidkant van die berg het so heilig geword dat die vyand uiteindelik moes terugval na nuwe stellings. Malaboeh se vegters het gebruik gemaak van skanse, deur 'n paar groot klippe opmekaar te stapel. Na die vyand teruggetrek het, het die burgers die lyke van dertig gesneuwelde kaffers op die slagveld gevind, alhoewel dit aangeneem was dat dit slegs een derde van die ongevallige verteenwoordig het. Die oorlogsbuit het 110 beeste en 36 skape beloop<sup>42</sup>. Die vyand was goeie skuts veral wat rigting aangegaan het, maar weens die minderwaardigheid van hulle ammunisie en die gebrek aan kennis om met behulp van 'n visier te skiet, het hulle koeëls baie selde die doelwit geraak<sup>43</sup>.

---

39. De Volksstem 1894.  
30 Junie 1894.

40. Ibid.

41. Steenkoppie is op die kaart op bladsy 49  
gemerk met S.K.

42. De Volksstem - 30 Junie 1894.  
Colin Rae - Bladsy 61.

43. Ibid. © University of Pretoria

Daar was geen koördinasie tussen die Kommando's nie. Ike Kommando het op eie houtjie begin vuur op die vyand. Die enigste militêre dissipline was by Kolonel Ferreira se manskappe. Op 21 Junie gae die Kommandant-Generaal bevel dat Kommando's mekaar moet help en saamwerk. Kommandant Erasmus stuur toe dedelik 20 man vanaf die Pretoria-leer om die berg na die Waterbergers om hulle posisie te gaan bekijk; sodat aanvalle teen Malaboch gelyktydig kon geloods word<sup>44</sup>.

Die Waterbergers was dieselfde oggend in die moeilikheid. Die bosse was ruig en vol van die vyand; en 'n groepie burgers wat op eie houtjie, deur hulle onversigtigheid, te na aan die Hoofstat gegaan het, was amper omsingel deur Malaboch se indoesas. Die paar lojale kaffers en Malaboch se volk het op 'n onverklaarbare wyse deurmekaar geraak en op mekaar begin vuur. Die burgers kon nie skiet op die vyand nie, omdat hulle nie kon onderskei tussen die lojale kaffers en die vyand nie. Die burgers het probeer om te hulp te snel, maar moes onmiddellik die stryd aanknoop met 'n aantal vyandlike kaffers wat nie alleen die burgers in die rug aangeval het nie maar ook die 4 cm. bergkanon buitgemaak het<sup>45</sup>.

---

44. De Volksstem - 30 Junie 1894.

45. K.G. 288 - Kommandant Pretorius se brief aan die Kommandant-Generaal - 21 Junie 1894.

De Volksstem - 30 Junie 1894.

Die/.....



Die burgers moes veg vir lewe en dood. Van alle kante begin die aanval, selfs met assagassie en knopkieries. Gelukkig het die moerderwaardigheid van die burgers so amannisie die situasie gered. Lenge die kanon het ongeveer tien doolie kaffers gelê toe die burgers dit herower het. Terugval was al genade weens die oorveldigende moerderheid van die vyand. Die vyand het groot ongevalle gely deur oor die honderd lyke op die slagveld agter te laat. By die burgers was een witman gedood en ses swaar gewond en tien lojale kaffers gedood<sup>46</sup>.

Dit was baie duidelik dat Malaboch versterkings gekry het en 'n berig het die Kommandant-Generaal bereik dat 2,000 van Majatji so vegvolk by Malaboch aangesluit het. Alle Kommando's het nader gegaan aan die hoofstad. Die Pretoria-laer was spoedig ook in die moeilikheid. 'n Nuwe fort is gebou; maar onderwyl elke manskap klippe aangedra het, het die vyand begin skiet. Kolonel Ferreira het sy manne bevel gegee om die halfgemaakte fort te verdedig.

---

46. Ibid.

Colin Rae - Bladsye 83 en 84.

Onder die gewondes was die twee seuns van veldkornet Alwyn Botha, asook burgers Nel, Pretorius, B. Kruger en H. Holburg.

Taan/.....

Teen sonder was dit duidelik dat om te oornag in hierdie fort baie gevaarlik sou wees<sup>47</sup>. Daarom is die fort weer verlaat.

Die Waterbergers het 'n fort gebou ongeveer 1,500 tree vanaf die hoofstat en 60 man is in die fort geplaas om dit te behou. Baie stutte is verbrand en Kolonel Ferreira het 130 beeste uitgemaak<sup>48</sup>.

Die send van 21 Junie kom Rustenburg en Marico Kommando's by Blouberg aan<sup>49</sup>, sodat die ring om die berg kompleet geword het.

Die forte wat gebou is was gedurende die nag verlaat, wanneer die burgers teruggegaan het na hulle laers. Die oggend van 22 Junie was alle koppies en hoogtepunte en forte ingeneem deur die vyandelike kaffers sodat die vorige gevogte niks gebaat het nie. Die Kommandant-Generaal gee hierop bevel dat iedere fort wat gebou word, vol manne geplaas moet word met genoeg provisie om die fort te behou<sup>50</sup>.

- 
47. K.G. 286 - Brief van Kommandant Rasmus aan die Kommandant-Generaal - 23 Junie 1894.
48. K.G. 288 - Veldkornet du Preez aan die Kommandant-Generaal - 21 Junie 1894.
49. K.G. 295 - Dagboek van Pretoria-Kommando, 21 Junie 1894.
50. Meegedeel deur Andries Joubart, een van die burgers.

Die/.....

Die Waterbergers het 'n heliograaf by hulle nuwe fort geïnstalleer, waardeur hulle 'n boodskap sein aan die hoofleer om Marico te beveel om die beeste voor te keer, wat Malaboch probeer wegstuur<sup>51</sup>. Kommandant Malan, van Austenburg stuur die middag vier veldkornat van Dyk met 70 burgers om die Waterbergers by Bokfort 52 te gaan aflos<sup>53</sup>.

---

51. De Volksstem - 30 Junie 1894.
52. Hierdie fort is Bokfort genoem omdat hulle hier 'n sental bokke buitgemaak het. Mededeling van M. Prinsloo.
53. De Volksstem - 26 Junie 1894.

Mapela/.....

Hapala se volk, wie by die Waterberg-Kommando was, probeer hard om 'n pad teen die berg oop te kap sodat die 9 cm. kanon bo op die berg geplaas kon word. Die berg was steil en die bosse dig opmekaar wat die oopkap van die pad baie vertraag het<sup>54</sup>.

Die Regering het begin besorg raak oor die toestand van die burgers en die stedige vordering teen Malsboch. Luitenant van der Herwe is aangestel om met die reserwe Artillerie onmiddellik te vertrek na Blouberg. Al om die anderdag word 'n wa vol ammunisie, mondbehoefte en klerasie gestuur na die Kommando<sup>55</sup>.

Saterdagoggend die 23ste Junie rapporteer Kommandant Erasmus van Pretoria aan die Kommandant-Generaal dat hy sy manskappe uitgestuur het en Steenkoppie op die vyand verower het. 'n Aantal manne is agtergelaat om die koppie te behou. Sonder verlies aan dooies of gewondes is gedurende hierdie aanval 102 beeste buitgemaak<sup>56</sup>.

- 
54. De Volksstem - 30 Junie 1894.  
K.G. 288 - Brief van Kommandant Grobler van Waterberg aan die Kommandant-Generaal.
55. K.G. 288 - Telegram van Stiemens aan die Kommandant-Generaal - 22 Junie 1894.
56. K.G. 288 - Verslag van rapport van Kommandant Erasmus.

Diesselfde/.....

Dieselfde middag kom die krygsraad bymekaar, alwaar besluit word om burger W.C. Meyer, wie aanbeveel is deur President Kruger, te benoem tot algemene Kommissaris vir mond- en krygsbehoefte<sup>57</sup>. Verder word besluit dat elke Kommando geskeie voorbereiding moes maak vir 'n algemene aanval op Donderdag die 28ste Junie<sup>58</sup>. (59) Alle Kommando's moes op elke hoogtepunt wat bereik word 'n fort bou en goed beman. Die forte moes al nader aan Malsboch se hoofstad verskuif word, want hy is goed verskans<sup>60</sup>.

---

57. K.G. 287 - Krygsraadsnotule - 23 Junie. 1894.

58. IBID.

59. K.G. 288. Pligte van die Krygskommissaris. Die Krygskommissaris W.C. Meyer moes dadelik:-

(1) Van elke veldkornet 'n opgawe kry van alle gekommandeerde goedere met 'n verslag wat met die goedere gedoen is, en

(2) hy is verantwoordelik vir alles en met sy toestemming alleen mag goedere verwyder word.

(3) Hy moet alle goedere, soos mondprovisie, klare ens. op die mees onpartydige wyse uitdeel.

(4) Uitdeling mag slegs geskied volgens die getal burgers in elke laer.

(5) Die Krygskommissaris sal wees in die hooflaer by die Kommandant-Generaal en ontvang alle bevels van hom.

(6) Hy kies sy eie Sekretaris, onderworpe aan die goedkeuring van die Krygsraad. Alle kompensasies moes skriftelik by die Sekretaris ingelewer word.

(7) Alle buitgemaakte vee word deur die Krygskommissaris gewaardeer.

60. De Volkstem - 27 Junie 1894.

Met/....

Het groot blydskap is die tyding begroot dat twee kanonne by die hooflaer aangekom het. Hierdie kanonne is deur die Naturulle-kommissaris vanaf Fort Hendrina gestuur. Almal het begin klaarsaak vir die groot aanval op Donderdag<sup>61</sup>. Die laers is verskuif tot aan die voet van die berg op die 25ste Junie<sup>62</sup>. Marico-laer onder Kommandant Botha was tussen die kloue omring van berge en kaffers<sup>63</sup>.

'n Hukkie na die begrafnis van Nel<sup>64</sup> ontvang die Kommandant-Generaal 'n versoek van Malaboch waardeur 'n wapenstilstand vir 48 uur aangekondig is<sup>65</sup>.

---

61. Ibid.

62. Ibid.

63. De Volksstem - 27 Junie 1894.

Gedurende die voorbereidings vir die groot aanval, was daar 'n algemene stilte in die kampe. Fred Hall, die assistent van Dr. Hader, het 'n koerant "The Malaboch extinguisher" op 'n "Cyclostyle" afgedruk en versprei onder die burgers. Ongelukkig was dit die enigste uitgawe van die koerant. Colin Rae bladsy 87.

64. K.G. 288 - Brief van Dr. Hader aan die Kommandant-Generaal - 25 Junie. 1894.

Nel, wie so been deur Dr. Hader afgesit is, is oorlede op die 26ste Junie. 1894. Dit het die dokter 'n paar dae genees voordat hy toestemming van Nel so broer gekry het om sy been af te sit. Die burgers het altyd deur probeer om die dokter te dwarsboom omdat hy altyd so gou was met sy mes.

65. K.G. 288 - Brief van Kommandant Rasmus aan die Kommandant-Generaal - 26 Junie 1894, waarby die ontvangs van die bevel erken word.

Colin Rae, bladsy 90.

Alhoewel/....

Alhoewel die burgers die bevel van wapenstilstand gehoor gegee het, het hulle voortgegaan met die bou van forte omdat hulle daarvan oortuig was dat Malsboch slegs weer wou tyd wen. Pretoria het twee nuwe forte op die berg gebou, Marico, Waterberg, Soutpansberg en Rustenburg het almal nuwe forte op vooruitgeskuifde posisies gebou. Met die Middelburg Kommando het stilgestaan omdat hulle 'n oop vlakte voor hulle gehad het wat moes wag vir die groot aanval op Donderdag<sup>66</sup>. Die Rustenburgers het probeer om 'n paar beeste te vang maar toe hulle dit nie kon regkry nie is drie beeste doodgeskiet. Die vyand wat dit as 'n uitdaging beskou het, het dadelik begin skiet op die burgers. 'n Aantal burgers het egter ongehinderd die fort klaar gebou en die kanon daarin opgestel wat baie goeie verwoesting onder die vyand gemaak het<sup>67</sup>. Ganba en Maniet, twee van Malsboch se Kapteins, gee oor<sup>68</sup>.

---

66. K.G. 288 - Verslae van die Kommandante aan die Kommandant-Generaal op 27 Junie 1894 en 26 Junie 1894.

67. K.G. 288 - Brief van Kommandant Malan aan die Kommandant-Generaal - 27 Junie 1894.

Ongelukkig is sekere Havenga doodgeskiet en is dieselfde middag begrawe.

68. Colin Rae - bladsy 91.

Die/.....

Die oggend van 27 Junie het reën en mistige weer alle krygsoperasie belemmer. Van wapenstilstand was daar geen sprake meer nie<sup>69</sup>. Die nuwe Pretoria-Fort (Fort Holzer) was ongeveer 2,600 vt. bokant die laer en Stephanus Jonker wat die oggend 'n koeël deur die been gekry het, moes die heeldag in die reën gelê het. Dit het groot ontevredenheid onder die burgers veroorsaak omdat in sommige laers vir elke 6 man, 2 bediendes was en by Jonker se afdeling slegs 2 bediendes vir elke 20 man<sup>70</sup>.

Toe die twee mulwaens vol dinamiet op 26 Junie by die hooflaer aankom, skryf Keiser die Kommandant-Generaal se Sekretaris aan alle Kommandante om te verneem of hulle nie miskien van dinamiet kan gebruik maak nie<sup>71</sup>. Kommandant Grobler, van Waterberg, wou ongeveer 2,000 lb. dinamiet hê om die kranse mee op te blass<sup>72</sup>.

- 
69. K.G. 293 - Dagboek van die Pretoria Kommando - 27 Junie 1894.
70. De Volksstem - 4 Julie 1894.
71. K.G. 288 - Brief van Keiser, Sekretaris van die Kommandant-Generaal aan alle Kommandante. 26 Junie 1894.
72. K.G. 288 - Brief van Kommandant Grobler aan die Kommandant-Generaal die aand van 26 Junie 1894.

Kommandant/....





Kommandant Kalaan van Rustenburg rapporteer dat hy nie van dinamiet sal kan gebruik maak nie, maar die Kommando's wat van die suide-af opruk op die berg, sal op hoë kranse afkom en indien dinamiet hier goed gelaai word, dit Malaboeh se posisie onuithoubaar sou maak<sup>73</sup>. Kommandant Trichardt van Middelburg reken om al op 28 Junie van dinamiet gebruik te maak<sup>74</sup>. Kommandant Botha van Marico wou slegs handbomme hê<sup>75</sup>.

- 
73. K.O. 288 - Brief van Kommandant Kalaan aan die Kommandant-Generaal op 27 Junie 1894.
74. K.O. 288 - Brief van Kommandant Trichardt aan die Kommandant-Generaal op 27 Junie 1894.
75. K.O. 288 - Brief van Kommandant Botha aan die Kommandant-Generaal. Kommandant-Generaal aan Luitenant Paff om dadelik 20 handbomme aan Kommandant Botha te stuur. 27 Junie 1894.

Kaptein/.....

Kaptein Schiel, hoof van die rydende Artillerie, reken om ongeveer 500 lb. dinamiet te gebruik. Die rotsformasies is baie los en baie van die krag van die dinamiet sou hierdeur verlore gaan. Die rydende Artillerie het 'n plek ingeneem vanwaar die hoofstad van Malsboch gesien kon word<sup>76</sup>. Dit is geloë onder 'n hoë rotsformasie waarin groot grotte is. Aan die suidekant is 'n hoë berg ongeveer 300 voet hoër as die hoofstad<sup>77</sup>. Indien die hoë berg kon ingeneem word, kon Kaptein Schiel seins gee presies waar om die gate te door<sup>78</sup>.

Die kop suidwes van die hoofstad, wemel van kaffers, maar val stadig terug na die hoofstad, namate die Marico-Kommando daarheen vorder<sup>79</sup>. Die Artillerie onder Kommandant Pretorius beweeg stadig deur die digte bosse na die hoë berg agter die hoofstad.

- 
76. Geteken volgens verslae in K.G. 288. Rapporte van Kommandante Trichardt en Rasmus.
77. K.G. 288 - Brief van Kaptein Schiel aan die Kommandant-Generaal - 27 Junie. 1894.
78. Ibid.
79. K.G. 288 - Brief van Kommandant Botha aan die Kommandant-Generaal en K.G. 288 - Brief van Schiel aan die Kommandant-Generaal.

Die/.....

Die middag van 27 Junie bereik die Pretoria-Kommando die Houtbosnek, vanwaar nie net die hoë berg agter die hoofstad gesien kon word nie, maar ook die Waterbergkanon hoor bulder het. In die laagte tussen Houtbosnek en die hoë berg is die laaste stad van Malaboch se volk, voorpos van die hoofstad. Die Marico- en Middelburg-Kommando's het bo op die berge uitgekom. Soos die hoë berg gelyktydig kon bereik word<sup>81</sup>. Dieselfde aand skuif Kommandant Malan sy Rustenburgers vooruit na 'n posisie waar hy die hoofstad kon beskiet<sup>82</sup>. Kaptein Schiel met sy rydende Artillerie het ook gevorder tot aan die voet van die berg aan die noordkant<sup>83</sup>. Dit was vir die bereide Artillerie en Rustenburg-Kommando baie gevaarlik om nader aan die hoofstad te gaan omdat hulle slegs 'n paar honderd tree van die hoofstad was, en die gebied tussen hulle en die hoofstad was 'n kaal laagte met 'n stroompie water. Dit was die enigste water wat die vyand tot sy beskikking gehad het<sup>84</sup>.

- 
81. K.G. 288 - Brief van Kommandant Rasmus aan die Kommandant-Generaal op 27 Junie 1894.
82. K.G. 288 - Brief van Kommandant Malan aan die Kommandant-Generaal die aand van 27 Junie. 1894.
83. K.G. 288 - Brief van Kaptein Schiel aan die Kommandant-Generaal, 27 Junie. 1894.
84. K.G. 288 - Briewe van Kommandante aan die Kommandant-Generaal.

Kommandant/.....

Kommandant Vorster stuur dieselfde send vir Mogote, Tukisbe, Setaba en Sekkokku, indoenas van Mapela, om kaptein Katalisa van die stat in die leegte te vang. Al die kaffers in die stat was goed gewapen en wou die vier indoenas somer doodmaak. Gelukkig was dit te donker en kon hulle Katalisa ssook 'n paar honderd beeste saasbring na die Soutpansbergers. Dit het 'n groot warboel in die stat teweeggebring en die meeste van die vyand het hulle stat verlaat en gevlug na die hoofstat<sup>85</sup>.

Die reën het intussen nie opgehou nie. Die koue het die burgers 'n swaar tyd besorg<sup>86</sup>. Die mis was so tougetrek dat niemand verder as 50 tree kon sien nie. Malsboch het intussen al sy vagners in die hoofstat bymekaar gehad.

Toe dit lig word die oggend van 28 Junie het alle Kommando's tot die aanval oorgegaan. Weens die geweldige reëns en mis kon geen uitvoering aan die vooropgestelde plan gegee word nie. Kommandant Vorster se manskappe het meer na die vyand se beeste gesoek as na die vyand self en op die manier 500 beeste buitgemaak<sup>87</sup>.

85. K.G. 288 - Verklaring van Mogote aan Kommandant Vorster. (Gestuur aan die Kommandant-Generaal die oggend van 28 Junie.)<sup>1894</sup>  
 K.G. 288 - Nota van Kommandant Vorster aan die Kommandant Generaal, 28 Junie 1894.
86. Colin Rae - Bladsy 96.  
 Getuie Prinsloo se relaas.
87. K.G. 293 - Dagboek van die Pretoria-Kommando-28 Junie 1894.  
 De Volksstem 4 Julie 1894.

Die/.....

Die Artillerie het nader aan die hoofstat 'n fort gebou noord-oos van die hoofstat<sup>88</sup>, terwyl die Pretoria-Kommando die verlate stat aan brand gesteeek het en gevorder het tot bo op die hoë berg suid van die hoofstat vanwaar elke skoot met 'n martini in die hoofstat geskiet is. Kommandant Uys neem die bevel oor, omdat Kommandant Erasmus met verlof na Pretoria gaan. Op die hoogste punt dra elke burger klippe aan om die Pretoria-fort te bou<sup>89</sup>. Die Waterbergers het intussen die hele kop, noord van die hoofstat, beset sodat geen verdere vordering gemaak kon word sonder om die hoofstat self in te neem nie. Die kanon se loop is nou op die hoofstat gerig<sup>90</sup>. Die Middelburg-Kommando het ook die hoë berg bereik en 'n fort gebou 250 tree regs van die Witkrans bokant die hoofstat, 'n bietjie nader aan die stat as die Pretoria-Kommando<sup>91</sup>.

Onderwyl alle Kommando's besig was met forte bou, het die mis en reën opgeklaar en Kaptein Schiel en Kommandant Uys het hierdie gunstige geleentheid nie deur die hande laat glip nie. Met alle felheid het hulle losgebrand op die hoofstat. Van die vyand was baie min gesien en die verliese kon glad nie geskat word nie.

88. K.G. 288 - Brief van Kommandant Pretorius aan die Kommandant-Generaal - 28 Junie 1894.
89. K.G. 288 - Brief van Kommandant Erasmus aan die Kommandant-Generaal - gedateer 28 Junie 1894.
90. K.G. 288 - Brief van Kommandant Grobler aan die Kommandant-Generaal.
91. --- 288 - Brief van Kommandant Trichardt aan die Kommandant-Generaal op 28 Junie, 1894.



Telkemale het 'n paar van Malaboch se skerpskutters tevoorskyn getree en 'n paar skote geskiet en dan skielik weer verdwyn. Die hutte was tussen die rotse gebou en die vyand het teruggetrek in die skoure en die groot grot net agter die hoofstad<sup>92</sup>.

Aan Kommandant Trichardt is baie handbomme gestuur om die vyand van bo af aan te val. Die vyand was die oggend van 29 Junie mooi vasgekeer in die hoofstad en die burgers het 'n desperate weerstand verwag. Geen forte kon neder aan die hoofstad gebou word nie, sodat die Kommandant-Generaal met 'n nuwe aanvalstaktiek voor die dag moes kom<sup>93</sup>.

92. De Volksstem - 30 Junie 1894.

93. K.G. 288 - Brief van Kommandant Trichardt aan die Kommandant-Generaal.

De Volksstem 30 Junie 1894.  
Colin Rae - Bladny 97.

94. Skotskaart bladny 69.

94. In besit van Prof. I.D. Bosman, Universiteit van Pretoria.

HOOFSTUK IV.

BELD VAN DIE HOOFSTAT - MALABOCH GEB. OOR.

Alhoewel Malaboch deeglik omsingel was, was daar nog baie van die vyand tussen die borse sodat die forte ontwerp is, dat na alle kante kon geskiet word. Die Artillerie onder Kommandant Henning Pretorius het nader geskuif en skiet met alle kanonne tot hulle beskikking reg in die gate waar die vyand skuil<sup>1</sup>. Water was ver en om water te kry uit die spruitjie regvoor die hoofstat was gevaarlik<sup>2</sup>.

Harde gevegte het begin plaasvind op 29 Junie. Die posisie van die burgers was gevaarlik en telkens wanneer iemand uit die fort kom, brand die vyand los op hom. Vroeg die oggend was by Pretoriafort al vier gewondes<sup>3</sup>. Dit was baie moeilik om hierdie gewondes te vervoer na die hooflaer. Gelukkig kon die Kommandant-Generaal draagbare aan Dr. Mader verskaf om die gewondes mee te dra na die hooflaer<sup>4</sup>.

Die groot aantal bomme wat deur die Middellburgers en die Artillerie tussen die kranse ingegooi was het gladnie die gewenste uitwerking gehad nie<sup>5</sup>.

- 
1. K.G. 283 - Brief van Kommandant Henning Pretorius aan die Kommandant-Generaal op 29 Junie 1894.
  2. Ibid.
  3. De Volksstem - 14 Julie 1894.
  4. K.G. 283 - Brief van Dr. Mader aan die Kommandant-Generaal - 29 Junie 1894.
  5. De Volksstem - 4 Julie 1894.

Piet/.....

Piet Joubert ontbied al die Kommandante na die hoofleer en hulle besluit om te wag totdat die dinamiet, wat reeds vanaf Pretoria versend is, aankom<sup>6</sup>.

Alle Kommandante het petrolleies uitgestuur om die vee van die vyand buit te maak<sup>7</sup>. Die oorlogsbuit het reeds etlike duisende beloop en 'n paar burgers word benoem om die vee op te pas<sup>8</sup>.

Onderwyl die waens met die dinamiet op pad was na Blouberg<sup>9</sup>, was die Kommandante besig om met behulp van lojale kaffers alle ammunisie en wapens bo-op die berg te kry<sup>10</sup>. Vyandelike kaffers, wat in die hoofstad vasgekeer is het byna al hulle aandag gegee aan Rustenburg, Waterberg en die Artillerie. Hulle het dan ook die meeste ongevalle gehad van al die Kommando's<sup>11</sup>.

---

6. K.G. 293 - Dagboek van die Pretoria-Kommando - 29 Junie 1894.

7. K.G. 288 - Brief van Kommandant Vorster aan die Kommandant-Generaal en brief van Kommandant Uys aan die Kommandant-Generaal.

Die Soutpansbergers het 1,000 beeste terwyl Pretoria-Kommando 1,200 beeste en 'n paar perde buitgemaak het.

8. K.G. 288 - Versoek van Kommandante aan die Kommandant-Generaal.

9. K.G. 288 - Brief van Landdroos te Pietersburg aan die Kommandant-Generaal op 30 Junie 1894, om te sê dat die waens met dinamiet vanaf Pietersburg die 29ste vertrek het.

10. K.G. 288 - Kommandant Vorster se brief aan die Krygskommissaris.

11. De Volksstem - 4 Julie 1894.  
K.G. 293 - Dagboek van Pretoria Kommando - 29 Junie 1894.

Bothe, korp. van die Artillerie en 'n gewonde by Laingenek gesneuwel en etlikes gewond.

Vraag/.....



Vroeg die oggend van 30 Junie stuur Kommandant Henning Pretorius van die Artillerie 'n aantal lojale kaffers om nader aan die hoofstad te sluip en bomme in die skeure te gooi. Stedig en versigtig het die volkies nadergekruip, maar word skielik verras deur 'n aantal van Malsboch se vegters. Die lojale kaffers het die vlug geneem en alle bomme en ammunisie agtergelaat; maar voordat die vyand baie van die bomme in die hande kon kry, het reeds 'n dertigtal van hulle gesneuwel en die res het weer in die skeure verdwyn<sup>12</sup>.

Die vyand het begin om alles in hulle vermoë te doen om die boere te verras. Gedurende die nag van 30 Junie het 'n aantal van Malsboch se vegters nadergekruip na die forte. Op die Middellburgers was 'n paar sarsies gelos waardeur 'n paar mense vleiswonde opgedoen het<sup>13, 14</sup>.

---

12. De Volksstem - Julie 1894.

13. K.G. 206 - Brief van Kommandant Trichardt aan die Kommandant-Generaal op 1 Julie 1894.

14. 'n Klompie Pretorianers wat besig was om vleis te braai buitekant Fort Pretoria het 'n noue ontkoming gehad onderwyl een burger besig was om 'n gras te vertel het koeëls links en regs by hulle verby gefluit. Sommige het die fort bereik in 'n onverklaarbare kort tydjie terwyl die res skuiling gesoek het tussen groot klippe.

Mr. Prinsloo 'n lid van die Pretoria-Kommando, en een van die persone wat die noue ontkoming gehad het se reëls.

Die watervoorraad/.....

Die watervoorraad van die vyand was nog nie heeltemal afgesny nie. Gedurende die nag het die vyand geweld na die spruit gegaan om water te kry. Gedurende die nag van 1 Julie het 'n klein groepie burgers probeer om die vyand te verhoed om water te kry. Kommandant Vorster se manne het daarin geslaag om die skoonvader van Malaboch te vang<sup>15</sup>.

Vroeg die oggend van 2 Julie het al die kommandante en veldkornette by Fort Pretoria bymekaar gekom en besluit om Malaboch se skoonvader met 'n witvleg na Malaboch te stuur om hom te versoek om voor seweur die volgende oggend al die seide met hulle kinders uit te stuur, daar hulle groot gevaar loop by die volgende krygsoperasies<sup>16</sup>. Die Kommandant-Generaal en Kommandant Henning Pretorius besoek die Rustenburg-laer om met Kommandant Malan te beraadslaag<sup>17</sup>.

Kommandant Malan, wat met sy Rustenburgers regvoor die groot grotte was, was nie haastig nie. Op die houtjie verlang hy die terzyn na eenuur dieselfde dag<sup>18</sup>. Hy wou tyd wen totdat die dinamiet, wat reeds by die hooflaer aangekom het, by die forte is<sup>19</sup>.

15. K.O. 286 - Brief van Kommandant Malan aan die Kommandant-Generaal - 2 Julie 1894.
16. Ibid.
17. K.O. 293 - Dagboek van die Pretoria-kommando - 2 Julie 1894.
18. K.O. 286 - Brief van Kommandant Malan aan die Kommandant-Generaal op 3 Julie. 1894.
19. Ibid.

Onderwyl/....

Onderwyl die Kommandante gewag het op Kommandant-Generaal om die plekke te kom aanwys waar met dinamiet geskiet moes word, was hy besig met Mapela se kaffers. Hulle is almal huistoe gestuur en hulle het as vaarwelgroet, die Kommandant-Generaal op 'n oorlogsdans getrakteer<sup>20</sup>. Na die seremonie stuur Piet Joubert 'n witvlag en 'n brief aan Kommandant Malan om dit aan Malaboeh te stuur. Op 4 Julie stuur Kommandant Malan die natural Petrus met die witvlag en brief na Malaboeh. Malaboeh wou nie oorgee nie, nog minder die miede en kinders uitstuur, maar dat hy saam met Petrus sal uitkom uit die grot. Aan hierdie versoek het Malaboeh nie voldoen nie, maar 'n voorstel gemaak om Piet Joubert en Kommandant Malan in die hoofstad te ontmoet<sup>21</sup>.

Kommandant Malan besluit toe om geen witvlag na Malaboeh te stuur nie, omdat Malaboeh hom vir die gek hou<sup>22</sup>.

- 
20. K.G. 293 - Dagboek van die Pretoria-Kommando - 3 Julie 1894.
21. K.G. 288 - Brief van Kommandant Malan aan die Kommandant-Generaal, waarin hy verslag doen van die witvlag en die brief - 4 Julie 1894.
22. Ibid.

Gedurende/.....

Gedurende hierdie onderhandelings het die seide en kinders na die spruit gekom om water te haal en die Rustenburgers het van die kans gebruik gemaak om die spruitjie te beset en op las van Kommandant Malan alle kleipotte waarin die seide water gedra het stukkend geskiet, en sodoende die water geheel en al afgesny<sup>23</sup>.

Kommandant-Generaal Piet Joubert, gestimuleer deur die rebelsheid van Malsboch, besoek weer die forte op 5 Julie om te bepaal watter maatreëls getref moes word om Malsboch te onderwerp<sup>24</sup>. Kort na die aankoms van die Kommandant-Generaal by Fort Pretoria arriveer die kaffers met die 53 keete dinamiet wat hulle onder die toesig van Colin Ree (die Engelse Predikant) en andere op 'n baie onversigtige wyse die berg uit gedra het<sup>25</sup>.

---

23. Ibid.

24. K.G. 293 - Dagboek van die Pretoria-Kommando. Dit was gedurende hierdie besoek van die Kommandant-Generaal aan Fort Pretoria dat hy byns raakgeskiet is deur die vyand.

25. Colin Ree - Bladsy 114.

"I must acknowledge that this procession of one hundred yards or so of dynamite carried along by sleepy careless kaffirs, caused me more uneasiness than had the enemy in all his exploits".

Onderwyl/.....

Onderwyl die gate op die berg gemaak was om die dinamiet in te laat het die vyand 'n desperate aanval na alle kante geloods waardeur daar etlike verliese aan die boere se kant te betreur was<sup>26</sup>.

Luitenant Schroeder, met nog ses vrywilligers, was hard besig met die boer van gate vir die eerste dinamietlading. Die plek was veronderstel om reg bokant een van die groot grotte te wees. Op advies van Kolonel Ferreira is hierdie plek gekies. Toe die tyd van wapenstilstand verstreke was en Malsboch nog nie sy verskyning gemaak het nie, is 350 lb. dinamiet versigtig in die gate ingestamp. Die lout wat 'n paar tree lank was is gelê deur Schroeder self. Skerp was die klank van die trompet, as 'n teken vir almal om sover moontlik weg te kom. Kolonel Ferreira en 'n paar Pretorianers het op 'n rots gestaan en kyk wat die effek van so 'n monster lading kon wees. Drie en 'n half minuut het die lout gebrand voor die ontploffing. Onder 'n dek-mantel van stof en rook en 'n onbeskryflike geluid het groot rotsblokke die lug ingetrek en met 'n fluitende geraas op die sarde neergestort<sup>27</sup>.

26. De Volksstem - 11 Julie 1894 J.v.d. Herwe van Middelburg gedood. T. Lottering van die Artillerie gewond. Townsend van Marabastad gewond. Coetzee van Rhenosterpoort gewond. Max Kraft van Pretoria gewond en E. v.d. Westhuizen van Middelburg gewond. Botha van die Artillerie gedood.

27. K.G. 293 - Dagboek van die Pretoria-Kommando. 7 Julie. 1894  
 De Volksstem - 14 Julie.  
 Colin Rao - Bladsy 117. 1894.

Kort/.....

Kort na die ontploffing is die plek deeglik ondersoek, maar dit het geblyk dat alhoewel 'n groot gedeelte van die rotse weggeblaas is, die groot grot waarin Malaboeh was, ongeskonde gebly het<sup>28</sup>. Sendeling Sonntag versoek toe die Kommandant-Generaal om 'n wapenstilstand van een dag sodat hy met Malaboeh kan gaan onderhandel en hom te versoek om onvoorwaardelik oor te gee<sup>29</sup>. Dit het Luitenant Schroeder en sy vrywilligers kans gegee om 'n tweede lading dinamiet te laai. Toe sendeling Sonntag diesselfde agtermiddag sonder Malaboeh uit die grot kom, het Luitenant Schroeder die loeg weer aan die brand gesteek. Die uitwerking was swakker as die van die eerste lading. Die rotse was hoofsaaklik sandsteen.

Malaboeh het die oggend van 6 Julie sy verrassingstaktiek voortgesit. Gedurende die dag het 4 man gesneuwel en is veertien swaar en vier lig gewond<sup>30</sup>. Die Kommandant-Generaal het ingesien dat dinamiet-operasies niks baat nie, weens die losheid van die rotseformasies. Water afany alleen baat niks, omdat daar sprake was van water in die grotte<sup>31</sup>.

28. De Volksstem - 11 Julie 1894.

29. Colin Rae, bladsy 120.

30. De Volksstem - 11 Julie. 1894.

31. De Volksstem - 11 Julie. 1894.

K.O. 288. Telegram van Kommandant-Generaal aan die Regering.

op/.....

Op 9 Julie stuur Malaboeh onder 'n witvlag 'n olifantstand aan Kommandant Malan en vra om genade. Malan weier om dit te ontvang en eis slegs die onvoorwaardelike oorgawe van Malaboeh<sup>32</sup>.

Alle krygsoperasie het die oggend van 10 Julie tot stilstand gekom toe moelikhede aan die broei was onder die burgers. Kolonel Ferreira wat gereeld whisky gedrink het, was gewoon om elke tweede derde dag sy paar bottels drank te ontvang.

G. Hofdt een van die persone wat die drank moes aandra, het hom terdies gehelp. Onder invloed van drank het hy op Ferreira gevloek en hom uitgeskel vir 'n persoon wat vee gesteel het<sup>33</sup>. Die Kommandant-Generaal wat die onenigheid onder die burgers besef het, as gevolg van die opsluiting<sup>34</sup> van Neft, het dedelik die krygsgericht<sup>35</sup> byegeroep om die saak te verhoor.

- 
32. L.G. 200 - Brief van Kommandant Malan aan die Kommandant-Generaal - 9 Julie. 1894.
33. K.G. 200 - Brief van Kolonel Ferreira aan die Kommandant-Generaal - 9 Julie. 1894.
34. Die opsluiting was in 'n tronk gebou uit pale.
35. Krygsgericht was 'n kleiner deel van die Krygsraad wat die saak teen Hofdt verhoor het.

Dr./.....

Dr. Tobias het vervolg en Kaptein Schiel het verdedig. Groot was die blydschap onder die burgers toe die Krygsgericht Nofat vrygesprek het<sup>36</sup>.

Toe die Kommandant-Generaal die aand van 10 Julie by die Pretoria Fort aankom was die burgers ontvrede oor die lang oorlog. Rustenburg- en Waterberglaers ly elke dag 'n paar ongevalle omdat die bewaking van die water regvoer die groot grot gevaarlik was, en die vyand baie konsentreer op hierdie deel<sup>37</sup>.

Na 'n verslapping van die stryd op 10 Junie is op 11 Julie met alle magte op die hoofstad gevuur. Deur middel van handbomme en vuurpyle is 'n aantal hutte aan die brand gestee. Die vyand se weerstand het begin verswak<sup>38</sup>, om die dinamietgate in forte gebou wat bema is met die Marico burgers<sup>39</sup>. Terwyl Pretoria burgers 'n fort gebou het is hulle skielik oorval en vier burgers is gewond<sup>40</sup>.

- 
36. De Volksstem - 14 Julie 1894.  
Episode meegedeel deur mnr. Prinsloo en mnr. A. Joubert wat lede van die Kommando was.
37. De Volksstem - 16 Julie 1894.
38. De Volksstem - 16 Julie 1894.
39. Ibid.
40. K.G. 293 - Dagboek van die Pretoria-Kommando - 11 Julie. 1894.

'n/.....



'n Paar seide van Halsboch wou wegvlug maar is naby die spruitjie doodgeskiet. Oodurende die dag is 'n hele paar manne gewond en gedood<sup>41</sup>.

Piet Joubert wou gehad het dat die Rustenburgers verantwoordelik moes wees om die water op te pas. Kommandant Malan was ontevrede hieroor omdat dit te gevaarlik was vir sy manne. Die vyand het nog water gekry tussen Waterberg en die Soutpansbergers<sup>42</sup>.

Die 14de Julie arriveer die twee dinamiet-ingenieurs by die hooflaer. Hulle is deur die Regering gestuur om alle dinamietoperasies in die toekomst uit te voer<sup>43</sup>.

- 
41. K.G. 293 - Dagboek van die Pretoria-Kommando - 11 Julie. 1894.

Schmidt oorlede. Cowly Dunston, Loveday gewond.

Piet Joubert was baie kwaad omdat Schroeder met sy manne moes gaan help om 'n fort te bou naby die Artillerie met sy terugkoms is al hierdie manne geskiet.

42. K.G. 268 - Brief van Kommandant Malan aan die Kommandant-Generaal 12 Julie 1894.

43. K.G. 293 - Dagboek van die Pretoria-Kommando - 14 Julie. 1894.

Vir/.....


Vir 'n paar dae was Blouberg baie stil. W. Jelenik en sy maat, was besig om alles te ondersoek en die metode te ondersoek hoe om die dinamiet te gebruik<sup>44</sup>.

Reeds die 18de Julie rapporteer hy aan die Kommandant-Generaal dat hy tot 200 tree van Malaboch se grot gekruip het en vind dat daar geen moontlikheid bestaan om die grot van bo af op te blaas nie. Die enigste moontlikheid is om die berg op te blaas, deur 'n lading van 21,000 lb. dinamiet. 'n Skuins gat word gegrawe en later reguit tot onder die grot. Die tyd sal ongeveer 8 weke neem om alles in orde te bring<sup>45</sup>.

---

- 44. K.G. 293 - 17 Julie. 1894.
- 45. K.G. 255 - Verslag van W. Jelenik oor die gebruik van dinamiet by Blouberg.
- 46. Sketskaart - sien bladsy 80.  
Colin Rae - Bladsy 117.  
Tekening deur Fred Nell.

Die/....



Die Yoorgenome plan om die berg en grotte op te blaas

Bron. Colin Rae bladsy 117  
Neel se sketskaart van  
die Yoorgenome plan om  
die berg en grotte op  
te blaas.

Die moeilikheid was om Malsboch uit die grot te kry. Dr. Knobel van Pretoria stuur op 19 Julie 2 kaste vol Cayenne vir 'n proefneming om dit met buskruit te laai en dan in die gote te skiet. Die verstikkende rook van die Cayenne sou die kaffers kon uitdryf, was dit nie vir die lang afstand tussen die burgers en die grot<sup>47</sup>. Gedurende die nag het Kommandant Malan met sy Rustenburgers 'n fort gebou op die kale vlakte regvoor die groot grot, sodat die vyand se water totaal afgesny was. Die klippe is ver gedra en toe dit lig word is 32 van die vyand by die water doodgeskiet<sup>48</sup>. Kommandant Malan was gladnie tevrede met die Jelenik-idee nie. Agt weke was te lank<sup>49</sup>.

Telkenmale verskyn 'n paar meide van Malsboch met hulle kinders en probeer om te ontvlug. Maar die lojale kaffers het hulle veral hier onderskei.

47. K.G. 288 - Brief van Dr. Knobel aan die Kommandant-Generaal - 19 Julie. 1844.
48. De Volksstem - 25 Julie 1894.
49. Ibid. In sy brief aan die Kommandant-Generaal skryf Jelenik dat 'n skuins skag 57 meter diep gesink moet word. Van 'n horisontale gang 150 meter in dieselfde rigting. Aan die end van die gang 'n kamer van 16 kubieke meter om die dinamiet in te laai. Die werk sal 8 weke neem as dag en nag gewerk word en sal £4,446 kos.

So/.....

So drasties het hulle opgetree dat die Kommandant-Generaal alle kommandante gewaarsku het om dit nie toe te laat nie<sup>50</sup>.

Dit was duidelik dat die vegvermoë van die vyand baie afgeneem het na die dinamietontploffings. In die bek van die groot grot het 'n hoop doolie kaffers gelê. Mamagourina, 'n onderkaptein van Malsboch, het op 20 Julie oorgegee. Met sy onderhoud het die Kommandant-Generaal het hy verklaar dat die posisie in die grotte onthoubaar word. Die lyke van doolie kaffers lê oral rond. Kos was daar genoeg maar daar is geen druppel water meer nie<sup>51</sup>.

Hierop stuur die Kommandant-Generaal hom om aan Malsboch 'n boodskap te gaan oorbring. Die volk sal bly leef sodra Malsboch oorgee; maar al duur dit twee jaar, sal hy tog tot oorgawe gedwing word. Die indoes kan hulle gewere op die vlakte gaan neerlê; daar sou nie op hulle geskiet word nie<sup>52</sup>.

- 
50. S.N. 175. Die Kommandant-Generaal se omsendbrief aan alle kommandante - 19 Julie 1894.
51. K.G. 288 - Verslag van die onderhoud van Mamagourina met die Kommandant-Generaal op 20 Julie 1894.
52. Ibid.

Mamagourina/....

Mamagourina keer onverrigter sake terug. Malaboeh se vegters het die gerusgestelde burgers opnuut verras. 'n Hele aantal burgers is swaar gewond<sup>53</sup>. Die onhebbelike wyse waarop Dr. Hader die pasiënte behandel het, het ook 'n paar lewens geëis<sup>54</sup>.

Gedurende die dag van 21 Julie het die vyand weer 'n aanval geloods waardeur 'n aantal ongevallen veroorsaak was<sup>55</sup>.

Die parafienspuit, wat reeds 'n geruime tyd in die hooflaer gelê en roes het, is op 22 Julie aan alle kommandante gestuur, om die hele gebied om die hoofstad met parafien te bespuit en dan aanbrand te steek. 152 lb. swavel sou terselfdertyd ook aan brand gesteeek word<sup>56</sup>. Ook hierdie krygsoperasie was 'n volslae mislukking<sup>57</sup>.

---

53. De Volksstem - 25 Julie. 1894.

Lottering en le Clerge se 'n rukkie oorlede. Albei gewond gedurende die vyand se verrassings-aanval op Kolonel Ferreira se fort.

54. K.G. 288 - Krygskommissaris Meyer se brief aan die Kommandant-Generaal.

Lottering en le Clerge albei slagoffers van Dr. Hader.

55. K.G. 293 - 21 Julie, <sup>1894</sup> V.d. Westhuizen, Mol, van Vuuren en Coosen gewond.

56. K.G. 288 - Brief van Kommandant Malan aan die Kommandant-Generaal op 22 Julie. 1894.

57. De Volksstem - 25 Julie. 1894.

Gedurende/....

Gedurende die nag van 22 Julie het 'n hele impi van Malaboeh die Marico fort en Luitenant Schroeder se fort bestorm en drie salvo's gelos. Gelukkig het die donker die burgers se vlug gedek<sup>58</sup>.

Gedurende die verslapping van vyandelikhede op 24 Julie het 'n paar burgers so onverskillig geword en tot feitlik binnekant die hoofstat gekruip. 'n Hele aantal hutte is aanbrand gestoek. Onderwyl A. Groenewald van Zwarttruggens nog 'n byekorff wou buitmaak is hy deur die vyand doodelik in die maag getref. Hy het agteroor geslaan en binne 'n brandende hut geval. Toe sy kamerade hom wou uithep het die patrone in sy bandolier ontplof. 'n Rukkie later is die verminkte, gear lyk na Marico fort gedra<sup>59</sup>. 'n Oumheid het vrywilliglik oorgegee aan Kommandant Malan. Sy het verklaar dat Malaboeh nog in die grot is<sup>60</sup>.

58. Ibid.

K.G.288 - Kaptein Schiel se brief aan die Kommandant-Generaal - 23 Julie. 1894.

Weens die flous krag van Malaboeh het die meeste burgers hulleself besig gehou met heuningneste soek en uithaal. Terwyl die krygskommissaris die buit meeste verdeel het, waardeur heelwat onenigheid ontstaan het.

59. K.G. 293 - Dagboek van die Pretoria-Kommando - 24 Julie. Beskrywing in De Volkstem - 1 Augustus. 1894.

Colin Rae - Bleday 156.

60. K.G. 288 - Kopie van die Kommandant-Generaal se rapport aan die Regering - 24 Julie 1894.

Wesilikhede/....

-35-

Moelikhede was in die laers aan die broei sodat die Kommandant-Generaal verplig was om Dr. Madar te versoek om sy betrekking neer te lê weens sy onlustigheid en wrede behandeling van die burgers<sup>61</sup>.

Die vyand het al skaarsar geword en alags nou en dan is skote gevuur op die boere<sup>62</sup>. Dit was 'n teken dat Malaboch se manakappe of gevlug het of hulle ammunisie het opgerek.

Gedurende die nag van 25 Julie is al die waterdrink plekke met takke toegeslaan. Kommandant Malan was seker dat Malaboch deur uitdorsting tot oorgawe gedwing sal word<sup>63</sup>. Die lyke van byna 'n honderd van die vyand het hier langs die water die lewe vir die burgers begin onuithoubaar maak<sup>64</sup>.

Dit was baie duidelik dat die laaste fase van die oorlog bereik is. Gedurende die dag van 27 Julie het sowat 'n tweehonderd maide van Malaboch met hulle kinders hulleself kom oorgoe, maar hyself en sy vegsvolk bly in die grotte<sup>65</sup>.

---

61 Ibid.

62. K.G. 288 - Brief van Kommandant Trichardt aan die Kommandant-Generaal op 25 Julie 1894.

63. De Volksstem - 1 Augustus 1894.

64. Ibid.

65. K.G. 293 - Dagboek van die Pretoria-Kommando - 27 Julie 1894.

Almal/.....



Almal het tekens van 'n geweldige dors getoon. Baie was van die water af weggesleep, sodat hulle hulleself nie dooddrink nie<sup>66</sup>.

Net voor sononder, dieselfde middag, het die Kommandant-Generaal sowat 500 van die lojale kaffers en 100 burgers aangesê om die grotte te omsingel en sedoende die vyand verhoed om water te kry gedurende die nag. Toe dit donker word het hierdie 600 gewapendes 'n noue halfmaan om die grotte gevorm. Gedurende die nag het van die vyand probeer om die water te bereik; maar toe die ses-honderd Martini's begin vuur het, het dit die vyand vir goed afskrik<sup>67</sup>.

Gedurende die nag het 'n sterk kafferstem, wat veronderstel was om Malaboeh s'n self te wees, vanuit die bek van die grot gekom. Verder het die nag stil verloop tot die volgende oggend toe Malaboeh versoek het om Sendeling Sonntag te spreek<sup>68</sup>.

---

66. Colin Rae - Bleday 168.

67. Ibid.

68. K.O. 293 - Dagboek van die Pretoria-Kommando - 28 Julie. 1894.

Colin Rae - Bleday 169.

Die/.....

Die Sndeling is dadelik na die grot en na 'n stilte van vier uur het hy weer te voorskyn gekom<sup>69</sup>. Op sy hakke het 'n groot aantal meide met kinders en ou kaffers gevolg. Langs die sandeling het Malaboeh se broer gestap. Hy het 'n sakkie met geld, as 'n present, aan Piet Joubert, oorhandig. Die Generaal wou dit egter nie ontvang nie, maar het hom teruggestuur na die grot met 'n boodskap dat indien die volgelinge van Malaboeh wat nie wil dood wees nie, sonder versuin moet oorgee<sup>70</sup>.

Altesame het sowat 500 volgelinge van Malaboeh al oorgegee. Die oggend van 29 Julie stuur Malaboeh 'n paar van sy indoesas met 'n wit vlag na die Kommandant-Generaal met 'n boodskap dat hy besig was om sy goed bymekaar te maak en die volgende dag sou oorgee<sup>71</sup>.

Die meeste van die burgers was die mening toegedaan dat Malaboeh gedurende die nag sou probeer ontvlug; en derhalwe het almal, elke oomblik van die nag, alles in hulle vermoë gedoen om dit te verhoed<sup>72</sup>.

- 
69. K.G. 293 - Dagboek van die Pretoria-Kommando - 28 Julie. 1894.
70. Colin Rae - Bladly 171.
71. K.G. 293 - Dagboek van die Pretoria-Kommando - 29 Julie. 1894.
- Colin Rae - Bladly 172.
72. Ibid.

Etc/....

Die hele dag van 30 Julie het die boere-kommando's gespanne gewag op Malaboch se verskyning. Groot pessimisme het onder die burgers begin posvat toe die son ondergaan sonder Malaboch se oorgawe. Hy was bevrees om uit te kom<sup>73</sup>.

Die volgende oggend, 31 Julie, was weer 'n boodskapper by Kommandant Malan om permissie te vra of Malaboch kon water kry om homself te was. Maar die Kommandant het geweier. Om ongeveer drienuur die middag het 'n witvlag in die bak van die grot verskyn. Om die vlag was die twee seuns van Malaboch, sy broer Papers en hyself; gevolg deur ongeveer twaalf meide en 'n hele aantal indoenas<sup>74</sup>.

Nadat die koninklike familie hulleself gewas het in die spruitjie, ooring deur meer as 'n duisend Martinis, het die stoet reguit na die Rustenburgse leër gegaan waar hulle oorgegee het. Ten spyte van die Generaal se bevels dat almal op hulle poste moes bly, was daar toestroming van burgers na Rustenburgse leër, om Malaboch self te sien<sup>75</sup>.

---

73. K.G. 293 - Dagboek van die Pretoria-Kommando - 30 Julie 1894.

Colin Rae - bladsy 176.

74. K.G. 293 - Dagboek van die Pretoria-Kommando - 31 Julie. 1894.  
Colin Rae, bladsy 177.

Oorgawe van Malaboch meegedeel deur mr. Prinsloo wat dit aanskou het.

75. Ibid.

Colin Rae - bladsy 176.

Nadat/....

Nadat hy verklaar het dat sy vegvolk die volgende oggend sou oorgee is al die burgers weer terug na hulle poste. Malaboeh is na die hooflaer gestuur onder sterk bewaking<sup>76</sup>.

Die volgende oggend, nadat 'n indoes met 'n witvlag na die grot is, is die hoofstat bestorm deur burgers en lojale kaffers<sup>77</sup>. Die groot grotte was leeg. Die vyand het op 'n misterieuse wyse ontsnap<sup>78</sup>.

In die grotte is nie veel gevind nie. Die groot hout krokodil<sup>79</sup> en 'n aantal gewere was feitlik al.

- 
76. De Volkesten - 4 Augustus. 1894.  
K.O. 293 - Dagboek van Pretoria-Kommando -  
31 Julie 1894.  
Colin Rae - bladsy 178.

Malaboeh was 'n kaffer van ongeveer 35 jaar. 5 vt. 10 dm. hoog en sy kleur was baie ligter as die van sy vegvolk. Hy was met sy oorgawe gekleed in uropese kleredrag sowel as sy twee seuns en sy twaalf vrouens. Die 4 hoof-indoes het elkeen 'n metaal band om die nek wat bewys was dat hulle hul man gedood het. Beskrywing in die Volkesten en Colin Rae - bladsy 178.

77. Oom Andries Joubert vertel dat die vorige nag vreeslike mistige weer was, waardeur die vyand dit maklik kon regkry om te ontsnap.

78. Colin Rae - bladsy 180.

79. Die hout-krokodil is vandag in die ou museum, Boomstraat, Pretoria.

Daar was xpress gewere wat bewys gelever het dat baie handelaars langs 'n omweg dit aan Malaboeh verkoop het.

Colin Rae - bladsy 181.

Die/.....

-90-

Die burgers het ook nie lank hier vertoef nie omdat die ses voethoë muur van lyke en etlikes in die grotte 'n langer verblyf onmoontlik gemaak het<sup>80</sup>.

Nadat die Kommandant-Generaal persoonlik alle laers verdaag het, en aangesê het om na die hooflaer te gaan<sup>81</sup> is die oorblyfsels van die hoofstat van Malaboch en die groot grotte met rus en vrede gelaat. Die beleg van Blouberg was afgeloop.

---

80. De Volksstem - 8 Augustus. 1894.

81. Colin Rae - Bladsy 182.

Hoofstuk V/.....

## HOOFSTUK V.

### DIE LEUE VAN MALABOCH EN ST. SEAN.

Die oggend van 1 Augustus was die meeste waens al gelaai. Die burgers was haastig om huiswaarts te keer. Teen die aand was meer as die helfte van al die burgers op pad huis toe<sup>1</sup>.

Gedurende die nag het Malaboch twee keer probeer selfmoord plaeg deur in die vuur te spring. Maar dit het alegs gelei tot 'n strengere bewaking<sup>2</sup>. Die volgende dag het die Kommandant-Generaal al die burgers wat nog in die kamp was uitgestuur om die berg te fynkan, met die gevolg dat byna vyfhonderd vegters van Malaboch gevang, en 'n paar honderd beeste buitgemaak is<sup>3</sup>.

Te Pretoria is 'n spesiale komitee benoem om die ontvangs van die Kommando's te reël. Die publiek het groot geldelike steun verleen vir die versiering van Kerkstraat<sup>4</sup>.

Op 2 Augustus roep die Kommandant-Generaal die Krygsraad byeen om die saak teen Malaboch af te handel<sup>5</sup>.

- 
1.    Colin see - Blad 163, 166 en 169.
  2.    De Volksstem - 3 Augustus 1894.  
      Colin see - blad 179.
  3.    K.G. 266 - Brief van Kommandant Vorster  
      aan die Kommandant-Generaal - 6 Augustus 1894.
  4.    De Volksstem - 3 Augustus 1894.
  5.    K.G. 267 - Krygsraadnotule - 2 Augustus. 1894.

Wadat/.....

Wadat die voorsitter duidelik gemaak het dat Malaboeh volgens Artikel 29 van Wet No. 2 van 1863 deur 'n „Krygsgericht“ moet verhoor word besluit die Krygsraad om: Malaboeh met al sy indoenas en onderkapteins na 'n behoorlike gevangenis te stuur tot tyd en wyl die hele Soutpansberg weer in rus en vrede is. Aan Veldkornet Kruger en die Rustenburgers word opgedra om Malaboeh en sy indoenas na Pretoria te vervoer. Die vroue en kinders val onder die Plakkerswet en sal versprei word oor die distrikte Marico, Rustenburg, Pretoria en Middolburg<sup>6</sup>. Die Regering word in kennis gestel dat die Krygsraad Malaboeh sal vennis en nie die Geregshof nie<sup>7</sup>.

Die Kommandant-Generaal was genoodsaak om die verhoor van Malaboeh uit te stel tot 7 Augustus omdat alle kommandante eers sou seker wees dat Blouberg skoon was van Malaboeh se volgelingen<sup>8</sup>.

- 
6. K.G. 207 - Krygsraadsnotule van 2 Augustus. 1894.
  7. S.S.1109 - R.5513/94 - C.R. 2001/94 - Telegram van die Kommandant-Generaal aan die Regering - 3 Augustus. 1894.
  8. Verslag van die Kommandant-Generaal oor die gevoerde oorlog teen Malaboeh 1894.

Reeds/.....

Reeds vroeg die oggend van 7 Augustus het die Kommandant-Generaal die Krygsraadsvergadering met gebed geopen<sup>9</sup>. Hy het in kort verduidelik dat die Regering volgens Artikel 29 van Wet No. 2 van 1883 magtiging verleen het om die Krygswet toe te pas<sup>10</sup>.

Die Voorsitter wou Maleboch aan die Oereg oorlewer, maar die Krygsraad was eenparig daarteen en besluit om Maleboch en al sy onderkaptains na Pretoria te stuur om in die gevangenis opgesluit te word „hunne terechtstelling zullen afwachten volgens Wet en Krygsraadsbesluit”.<sup>11</sup>

Aan Kiewiet en Hapen is elkeen 'n perd toegestaan; en buitbeeste gegee asook aan Matlala. Na die verdeling van buitbeeste, het die Voorsitter afgesluit met die woorde dat die<sup>12</sup> oorlog teen Maleboch as afgeloop beskou moet word en dat alle Kommando's saam met Ermelo en Lydenburg se burgers die rebelle oos van Pietersburg ook op hulle plek sal gaan sit, en terwyl die yster warm is ook met Hagato af te reken<sup>13</sup>.

- 
9. K.G. 287 - Krygsraadsvergadering van 7 Augustus 1894. se Notule.
  10. K.G. 287 - Die Kommandant-Generaal het die telegram wat hy van die Regering ontvang het op 31 Julie 1894 voorgelees.
  11. K.G. 287 - Krygsraadsbesluit - 7 Augustus. 1894.
  12. Ibid.
  13. Ibid - maar die Regering het die Kommandant-Generaal aangesê om Hagato vireers met rus te laat. Kommandant-Generaal se toespraak voor die Krygsraad.

Kommandant/....



Kommandant Malan met sy manne het dieselfde aand vertrek om Malaboch aan die Regering oor te lewer<sup>14</sup>. Op 16 Augustus bereik hulle Wonderboompoort<sup>15</sup>. Toe die Rustenburgers met die Krygsgevangenes die oggend van 17 Augustus Pretoria inry was hulle begroet met baniere en vlag. Aan elke boom in Kerkstraat het 'n vierkleur gewapper. Op die balkon voor die Raadsaal het President Kruger gestaan en in sy welkomswoord die burgers gelukgewens met hulle sukses en hulle bedank vir hulle lojaliteit teenoor die Staat<sup>16</sup>. Nadat Kommandant Malan die rebel Malaboch en sy indoesas aan die Regering oorgelewer het, het die President bevel gegee om die gevangenes op te sluit in die Staatsgevangenis<sup>17</sup>.

Op 27 Augustus 1894 besluit die Uitvoerende Raad<sup>18</sup> na 'n lang diskussie, om die volk van Malaboch van mekaar te verwyder en in die verskillende distrikte vir vyf jaar in te boek. Na verstryking van hierdie tydperk sal die Regering vir hulle 'n lokasie aanwys<sup>19</sup>.

14. Die oorlog teen Malaboch was afgeloop, maar die Kommando's het nog vertoef in Soutpansberg om met Seleboel en andere oproerige stamme af te reken.
15. "The Press" - 16 Augustus 1894.  
De Volksstem - 16 Augustus 1894.
16. "The Press" - 18 Augustus 1894.
17. Colin Rae - Bladsy 206.
18. S.S.1159 . R.3813/94 en C.R. 3491 - 27 Augustus 1894.  
Uitvoerende Raadsbesluit Artikel 440, geneem op 27 Augustus 1894.
19. Ibid.

Hierdie/....

Hierdie besluit van die Uitvoerende Raad is deur die eerste Volkraad op 4 September 1894 goedgekeur<sup>20</sup>. baie burgers wat op Kommando was het stemreg gekry as blyk van waardering vir hulle dienste<sup>21</sup>.

Malaboeh en sy paar onderkaptains, wat in die Staatsgevangenis as krygsgewonge opgesluit was, is nie aan die Gereg oorgelewer nie. Die Krygsraad wat met die einde van die oorlog opgehou het om te bestaan het hom ook nie gevonnissenie<sup>22</sup>. Die Kommandant-Generaal het telkens aan die Uitvoerende Raad gevra om 'n vonnis oor Malaboeh uit te spreek<sup>23</sup>.

Onderwyl die meeste van Malaboeh se volgelinge reeds op vrye voet was, deurdit hulle weggeloop het, en in 'n lokasie geplaas is by sendeling Sonntag se Sendingstasie, het Malaboeh ongevonnissenie in die Staatsgevangenis sy jare deurgebring<sup>24</sup>.

20. E.V.R. - Volkraadsnotule. Artikel 1500 - 4 September 1894.

21. R.8821 - Artikel 441 - Uitvoerende Raadsbesluit - 28 Augustus 1894.

Daar was baie burgers wat nog nie genaturaliseer was nie en deur hierdie besluit kosteloos stemreg verkry het.

22. S.S.1189. R.8813/94 - R.8866/95 - C.R.2998/95  
Brief van die Kommandant-Generaal aan die Uitvoerende Raad - 13 September 1895.

23. S.S.1189 - R.8813/94 - R.8866/95 - C.R.2998/95  
Brief van die Kommandant-Generaal aan die Uitvoerende Raad op 23 November 1895.

24. Verslag van die Kommandant-Generaal oor die gevoerde oorlog - bladsy 7.

Op/.....

Op 18 Maart 1899 vra die Sipier van die gevangenis aan die Regering om Malsboch en sy indoenas weer op vrye voet te stel daar die oorlog alreeds vyf jaar verby is en hulle nog as Kryggevangene aangehou word<sup>25</sup>. Maar die Uitvoerende Raad wat reeds besig was met belangrike besluite wat tot 'n oorlog teen Engeland op 11 Oktober 1899 gelei het, het die saak teen Malsboch vergeet<sup>26</sup>.

Nadat Malsboch ses jaar as kryggevangene opgesluit was in die Staatsgevangenis en net veroordeel was en nooit gevonnissen is nie, is dit eindelik oorgegaan om hom as kryggevangene na Marsbasted te verplaas in 1900<sup>27</sup>. Maar met die inneming van Pretoria in 1900 deur Engelse magte is hy eindelik op vrye voet gestel<sup>28</sup>.

Hy, wat voor 1894 opperhoof van 'n sterk kafferstem by Blouberg was, het teruggegaan na sy volk wat hom met blydskepe ontvang het. Hier aan die hoof van sy volk het hy rustig gebly tot 1939 toe hy in die hoë ouderdom van sowat 80 jaar oorlede is<sup>29</sup>.

- 
25. S.S.1189 - R.8813/94 - C.R. 2356/99  
Brief van die Hoof van Gevangeniswese aan die Staatskruiser - 18 Maart 1899.
26. In 1899 is geen besluit oor Malsboch geneem nie. Uitvoerende Raadbesluit van 1899.
27. S.S.1189 - R.8813/94 - C.R.1973/00.  
Brief van Sipier van die tronk - 20 Februarie 1900.
28. Die Burger - 4 Februarie 1939.
29. Ibid. Malsboch is in die oë van sy nageslag 'n groot man. Almal praat met groot agting van hulle gestorwe leier. Sy naam sal nie net onder hulle nie, maar ook in ons geskiedenis bly voortbestaan.

GERAADELEGNDE BRONN.

**A. Opuitgesoek Stukke in die Staatsarkief te Pretoria.**

**Argiefafdeling:- Kommandant-Generaal,  
Suid-Afrikaanse Republiek (aangedui K.G.).**

- |                                     |                    |
|-------------------------------------|--------------------|
| 1. Notule van Krygsraad             | Aangedui K.G. 287. |
| 2. Notule in Klad; Korrespondensie  | " K.G. 288         |
| 3. Korrespondensie                  | " K.G. 289.        |
| 4. Telegramme                       | " K.G. 290         |
| 5. Kommissariaat en Kommandeerlyste | " K.G. 290a        |
| 6. Kopieboeke                       | " K.G. 291 & 292.  |
| 7. Dagboek                          | " K.G. 293         |
| 8. Proviant en Ammunisie            | " K.G. 294         |
| 9. Proviant, ens.                   | " K.G. 295         |
| 10. Rekeninge                       | " K.G. 296         |
| 11. Brieweboek                      | " K.G. 297         |
| 12. Krygskommissariaat              | " K.G. 298         |
| 13. Aantekeningboek                 | " K.G. 299         |
| 14. Pretoria Resepsie Komitee       | " K.G. 300         |

**B. Argiefafdeling van Superintendent van Naturelle (aangedui S.N.)**

**Argiefafdeling Superintendent van Naturelle:-**

- |                                 |                   |
|---------------------------------|-------------------|
| Korrespondensie                 | Aangedui S.N. 174 |
| Korrespondensie                 | " S.N. 175        |
| Notuleboek van Lokasiekommissie | " S.N. 177        |

**C. Argiefafdeling:- Staatssekretaris.**

**S. A.R. " S. S.**

**Argiefafdeling/....**

**Argiefafdeling: - Staatssekretaris.**

**S. A.R.**

**Inkomende Stukke**

**Aangedui R.**

**Argiefafdelings: Staatssekretaris.**

**S. A.R.**

**Stukke**

**C.R.**

**D. Argiefafdeling: Notule van Volkraad - S.A.R. van 1888 - 1894**

**S.V.R.**

**. Argiefafdeling: - Uitvoerende Raad.**

**S.A.R. - 1888 tot 1899**

**U.R.**

**2. TYDSKRIFTE EN KOERANT.**

1. De Express en Oranjevrystaatsche Advertensieblad 1894.
2. De Volkstem - 1894.
3. Die Burger - Februarie 1939.
4. Historiese Studies - Jaargang 3 - Nr. 3 en 4 - Oktober en Desember 1942.
5. The Cape Argus - 1894.
6. The Potchefstroom Budget - 1894.
7. The Press - 1894.
8. The Star - 1894 (onvertroubaar).
9. The Zoutpansbergview - 1894.

**3. NICOLAAS BRONN.**

1. Groenboek Suid-Afrikaanse Republiek - 1894.
2. Groenboek Suid-Afrikaanse Republiek - 1895.
3. Staats-Courant van de Zuid-Afrikaanse Republiek - 1894.
4. De Locale Wetten der Zuid-Afrikaanse Republiek - 1876.
5. De Locale Wetten der Zuid-Afrikaanse Republiek - 1880.

6. De Locale Wetten der Zuid-Afrikaanse Republiek  
- 1883.
7. Verslag of algemene overzicht van den Commandant-  
Generaal van den gevoerden kryg tegende oproerige  
kafferstammen van Malaboeh, Seleboel, Magoeba,  
Mahoepe en andere wonende in die lage velden van  
het distrikt Soutpansberg - 1894 - Staatsdrukker  
- 1895.

4. GERAADEPLAEGDE WERKE.

1. Bantu Studies Vol. XI. Witwatersrand - 1937.
2. Dicke, B.H. "The Bush Speaks, Border life in Old  
Transvaal". Shuter & Shooter, Pietermaritzburg -  
1936.
3. Fourie, H.C.M. Amandabelé van Fenemahlangu.
4. Department of Native Affairs - ethnological  
Publication Vol. I - 1930 - (NDEBELE TEXT).
5. Hofmeyer, Herw. S. "Twintig Jaren in Zoutpansberg".  
J.H. Rose and Company - Kaapstad - 1890.
6. History of the Native Tribes of the Transvaal.  
(Native Affairs Commission Report 1903-1905).
7. Huyser J.D. "Die Naturelle-Politiek van die Suid-  
Afrikaanse Republiek". Proefskrif - D. Litt.  
Universiteit van Pretoria - April 1937.
8. "Memoirs of Paul Kruger", London Capetown 1902.
9. Muller, Gen. C.H. „Oorlogsherinneringe". Nasionale  
Pers Beperk, Kaapstad, Bloemfontein en Pretoria -  
1936.
10. Munnik, Sen. G.G. „Kronieke van Noordelike Trans-  
vaal", Suid-Afrikaanse Boekwinkel, Pretoria.
11. Nathan, Manfred. "Paul Kruger, his life and  
Times", Durban.

12. Nathan Manfred. "The Voortrekkers of South Africa", Londen - 1937.
  13. Rae, Colin. "Notes from my Diary on the Boer Campaign 1694" - Londen 1897.
  14. Van Cordt, J.F. "Paul Kruger en de Opkomsat van die Zuid-Afrikaansche Republiek". Amsterdam, Kaapstad - 1898.
  15. Van Warmelo, Dr. H.J. "A. Preliminary Survey of the Bantu Tribes of South Africa". Govr. Printer Pretoria, 1935.
5. MOND-LIEME INFORMASIE.
1. Die indoesnas van Malaboeh wat gehelp het om Blouberg te verdedig het baie waardevolle informasie verskaf, veral het hulle skrywer die forte gaan wys.
  2. Silas 'n volgeling van Seleboel - later agterryer van die Kommandant-Generaal Piet Joubert gedurende die Anglo Boere oorlog.
  3. Mnr. J.C. Vlok van Die Volkstem.
  4. Mnr. Prinsloo van die Pretoria-Kommando en Mnr. A. Joubert van die Marico-Kommando en Mnr. Dickason van die Staatsartillerie. Laasgenoemde het aan skrywer die sketskaart van Malaboehstad geskenk.
  5. Prof. S.P. Engelbrecht.
  6. Mnr. van Warmelo - Staatsaansoek.
  7. Mnr. Lebuechagne - Gewese Natuerlike Kommissaris by Blouberg.
  8. Mnr. Frank van die Meesteer Gesig - naby Blouberg.
  9. Mnr. Jacobs - ou inwoner van Soutpansberg.